

Afrikaans as kommunikasietaal in sy elementêre vorm by derdetaalsprekers by Hoërskool Weston

Elvin Vraagom

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die
graad van Magister Philosophiae (Hipermedia vir Taalaanleer) aan die
Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: Mev. R du Toit

Maart 2007

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening : _____

Naam : Elvin Vraagom

Datum: 6 Maart 2007

Opsomming:

Hoërskool Weston (Vredenburg in die Wes-Kaap) het die afgelope drie jaar toenemend Xhosa-sprekende leerders gekry. Die leerders kom uit verafgeleë plattelandse dorpies uit die Oos-Kaap. By die skool is daar omtrent ±40 Xhosa-sprekende leerders. Sommige van hierdie leerders verstaan baie min Engels of Afrikaans, terwyl ander “gebroke”¹ Afrikaans en/of Engels praat. Hul het ‘n gebrekkige voorafkennis en hul blootstelling aan Afrikaans was beperk.

In hierdie projek is ‘n rekenaarprogram ontwerp om die Afrikaanse taalbehoefte van dié leerders te ondersteun. Die program poog om hierdie leerders se gebrekkige woordeskat en taalvaardighede in elementêre Afrikaans te ontwikkel. Die klem is op Afrikaans as kommunikasiemedium. Die rekenaarprogram is ontwikkel volgens die taalbehoefte van die leerders.

Die ontwerp en samestelling van die projek berus op algemene teoretiese beginsels in rekenaargesteuende taalaanleer. Die projek word binne rekenaargesteuende taalonderrig bespreek en analiseer.

¹ Gebroke verwys na reaksies d.m.v woorde soos JA, NEE, Weet nie ens.

Summary

Over the past three years, Weston High School has received an increasing number of Xhosa-speaking learners. They come from remote rural towns in the Eastern Cape. At present, there are approximately forty Xhosa-speaking learners at the school. Many of these learners understand very little English or Afrikaans while others speak “broken” Afrikaans and / or English. They have a lack of prior knowledge and their exposure to Afrikaans was limited.

As part of this project, a computer programme was designed to support the Afrikaans language needs of these learners. The programme endeavours to develop the limited vocabulary and language abilities of these learners in elementary Afrikaans. The emphasis is on Afrikaans as a medium of communication. The programme has been developed according to the language needs of these learners.

The design and composition of the project is based on general theoretical principals of computer-assisted language learning (CALL). The project is discussed and analysed within the CALL environment.

DANKBETUIGING

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om my opregte dank en waardering aan die volgende persone uit te spreek vir hulle kosbare bystand en motivering gedurende die voltooiing van my studie.

- My Skepper en hemelse Vader wat my die moed en deursettingsvermoë gegee het om hierdie studie aan te durf en te voltooi.
- My studieleier, Mev. R. du Toit, vir haar professionele en geduldige leiding en ondersteuning.
- My gesin; Debbie en ons dogters Jill en Kim vir julle onfeilbare en lojale liefde, ondersteuning, begrip, opoffering en geloof gedurende my studiejare.
- My goeie vriende vir hulle motivering, ondersteuning en vriendelike aanmoediging gedurende my studie.
- Die prinsipaal, Mnr. Cloete en alle opvoeders en leerders by Weston Hoërskool wat betrokke was by die projek.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING	8
1.1 DIE PROBLEEM	8
1.2 'N MOONTLIKE OPLOSSING	9
1.3 DOEL VAN DIE REKENAARPROGRAM	9
1.4 HIPOTESE	9
1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE	9
HOOFSTUK 2: 'N LITERATUUROORSIG	12
2.2 REKENAARGESTEUNDE TAALONDERRIG	12
2.3 REKENAARGESTEUNDE TAALONDERRIG: VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE	15
2.4 MODERNE TENDENSE IN RGTO	20
2.5 INVLOEDSFAKTORE OP DIE REKENAARPROGRAM	20
2.6 IMPAK VAN VREEMDE TAALANLEER:	23
HOOFSTUK 3: AGTERGROND TOT NAVORSING	24
3.1 INLEIDING	24
3.2 METODOLOGIE	24
HOOFSTUK 4: REKENAARPROJEK: BESKRYWING EN ANALISE	29
4.1 BEGINSELS EN BENADERINGS BY REKENAARGESTEUNDE TAALONDERRIG	29
4.2 INHOUD	29
4.2.1 VLAK EEN	29
4.2.2 VLAK TWEE	33

4.3	STRUKTUUR EN ONTWERP	34
4.4	DIE BEGINNER-SPREKER	41
4.5	EENHEDE:	42
	SAMEVATTING	59
	BYLAE A	65
	BYLAE B	66
	BYLAE C	67
	BYLAE D	67
	BYLAE E	68

HOOFSTUK 1: Inleiding

By Hoërskool Weston te Vredenburg in Wes-Kaap is daar Xhosa-leerders wat van ander skole en provinsies kom. Die onderrigtaal by Weston is Afrikaans. Die oorgrote meerderheid van hierdie leerders verstaan nie Afrikaans nie, terwyl die res 'n gebrekkige Afrikaanse taalvaardighede openbaar.

Hierdie leerders se gebrekkige taalvaardighede of soms onvermoë om in Afrikaans te kommunikeer, het 'n negatiewe invloed op hul skolastiese vordering. Hierdie taalprobleem met die gepaargaande aanpassing by hul nuwe skool beperk sinvolle leer. Die meeste van die leerders is in Graad nege en tien. Die moraal en selfvertroue van die leerders is as gevolg van hul taalbehoefte oor die algemeen laag.

'n Oplossing binne die rekenaargesteuende taalaanleeromgewing is ondersoek.

Verskillende benaderings, teorieë en moontlike strategieë vir taalaanleer, vorm die basis van hierdie projek.

Hoe hierdie oplossing gaan uitspeel, word bepaal deur faktore soos leermateriaal, tyd, tegnologie, houdings en leerprosesse.

1.1 Die probleem

Die probleem wat die Xhosaleerders ervaar, is hul onvermoë om effektief in Afrikaans te kommunikeer. Hulle gebrekkige voorafkennis en voorheen beperkte blootstelling aan Afrikaans is die oorsaak dat hul begripvorming 'n invloed het op hul Afrikaans. Hul taalvaardighede in Afrikaans is nie so ontwikkel dat dit in hul daaglikse kommunikasie gebruik kan word nie. Verder is daar nie 'n Xhosa-sprekende opvoeder by die skool wat hierdie leerders kan help nie. Die aanstelling van 'n Xhosa-opvoeder word slegs deur die betrokke onderwysdepartement goedgekeur, en gewoonlik is dit 'n tydsame proses met geen waarborge nie. Daar is geen ruimte binne die lesure om aandag te gee aan die taalagterstande van die Xhosaleerders nie. 'n Behoeftes-analise was dus nodig om die omvang van die probleem te bepaal.

1.2 'n Moontlike oplossing

Daar bestaan 'n behoefte vir 'n rekenaarprogram om die Xhosaleerders te help met hul kommunikatiewe taalvaardighede in Afrikaans. Die skool beskik oor 'n rekenaarlokaal wat gedurende pouses, lesure en na skool toeganklik is vir leerders. Leerders kan op hul eie tyd met die rekenaarprogram werk ten einde hul Afrikaanse taalvaardighede te ontwikkel. Die uitdaging is om hierdie tegnologie met die kurrikulum te integreer. Die ontwerp van so 'n rekenaarprogram moet berus op teorieë oor taalaanleer en teorieë oor beginsels van ontwerp (Chapell, 1998). Die rekenaarprogram moet gebaseer word op bestaande, soortgelyke, effektiewe rekenaargesteuende taalaanleerprogramme.

1.3 Doel van die rekenaarprogram

Die rekenaarprogram fokus op die ontwikkeling van die elementêre woorde en sinne in Afrikaans wat baie gebruik word. Die kommunikatiewe taalbevoegdheids van die leerders moet ontwikkel word. Leerders sal hierdie program na skool kan gebruik. Hulle kan privaat op hul eie tempo deur die program werk. Hulle neem verantwoordelikheid vir hul eie leerprosesse en -strategieë. Die rekenaarprogram kan in die toekoms as verwysingsbron, 'n ondersteunende rol speel.

1.4 Hipotese

'n Interaktiewe, multimedia rekenaarprogram kan Xhosa-leerders se kommunikasievermoë in Afrikaans verbeter deur hul taalbevoegdheid in die gebruik van elementêre woorde en sinne te ontwikkel.

1.5 Navorsingsmetodologie

1.5.1 Ondersoek

'n Behoeftes-analise is gedoen d.m.v. vraelyste, onderhoude en bestaande akademiese rekords van die betrokke leerders. Onderhoude is met opvoeders en leerders gevoer. Vraelyste is op grond van hierdie onderhoude en bestaande literatuur oor taalaanleer, opgestel. Twee vraelyste is deur die leerders voltooi.

Die een vraelys fokus op behoeftes van sekere taalgebruike en die ander op verskillende leerstyle van die leerders. Die inligting is verwerk en gebruik om 'n

moontlike raamwerk vir die oplossing te ondersoek. Literatuur wat fokus op tweedetaal- en derdetaalverwerwing word gebruik. Die literatuur beklemtoon die verskillende rolle van tegnologie binne rekenaargesteunde taalonderrig. Rekenaargesteunde taalonderrig het in die negentigjare 'n opbloei beleef en dit is ook deeglik nagevors. Die relevansie en implikasies van die gebruik van tegnologie is ondersoek. Soortgelyke projekte wat op ander tale toegepas word, dien as riglyn vir hierdie rekenaarprogram. Klaskamerpraktyk, fasilitering, assessering, kurrikulering en uitkomstes is relevante konsepte in taalonderrig en gevolglik vorm dit 'n integrale deel van die studie.

1.5.2 Uitgangspunte

Die volgende uitgangspunte moet in gedagte gehou word:

- Die leerders moet as individue holisties benader word.
- Die leerders het geen rekenaarvaardighede nie.
- Die leerder moet 'n keuse kan uitoefen oor die relevansie van die leerinhoud van die rekenaarprogram.
- Die leerder se taalverbetering moet gefasiliteer word met relevante voorbeelde uit sy skoolomgewing.
- Die leerder moet teen sy eie tempo werk.
- Die klem val op die ontwikkeling van die kommunikatiewe taalvaardighede in Afrikaans.

1.5.3 Ontwikkeling

Die Afrikaanse taalbehoefte van genoemde leerders kan nie binne skoolure effektief bevredig word nie. Opvoeders se buitemuurse program is reeds so vol dat baie min aandag aan hierdie leerders se taalbehoefte gegee kan word. 'n Program waar leerders teen hul eie tempo kan werk, is voorgestel. Die bemeestering van kommunikatiewe taalgebruik in Afrikaans sal hul akademiese vordering positief beïnvloed. Die leerders se taalpotensiaal word gebruik om die afwesige of gebrekkige taalgebruik in Afrikaans by elkeen te vestig. Chomsky (1997) onderskei tussen 'n "*competence*" en "*performance*". Taalvermoë sien hy as 'n ingebore en 'n aangeleerde sisteem wat die spreker in staat stel om 'n hele aantal sinne te produseer en te verstaan.

1.5.4 Evaluering

Die leerders se taalbevoegdheid in Afrikaans is geëvalueer. Die resultate het grootliks die ontwerp van die rekenaarprogram beïnvloed. Die ontwikkeling van laasgenoemde was deurlopend getoets en die ooreenstemmende uitkomst by die leerders geassesseer. Leerders het die geleentheid gekry om terugvoering te gee oor die struktuur en aanbieding van leermateriaal. Die aanbevelings van leerders het bygedra tot herstrukturering van sekere eenhede in die program.

HOOFSTUK 2: 'n Literatuuroorsig

2.1 Inleiding

Die ontwikkeling van 'n effektiewe rekenaargesteunde taalonderrigprogram vir hierdie studie word deur verskeie faktore beïnvloed, soos leerteorieë, ontwerpbeginsels, rol van opvoeder en moderne tendense binne rekenaargesteunde taalonderrig(RGTO). Die invloed van hierdie faktore op taalverwerwing, word ondersoek.

2.2 Rekenaargesteunde Taalonderrig

2.2.1 Rol van rekenaartegnologie

RGTO is die afgelope veertig jaar onder bespreking. Taalonderrig was tradisioneel gebaseer op die aanleer van grammatikareëls, instruksies en drilwerk. Met die koms van die persoonlike rekenaar het taalonderrig rewolusionêre veranderinge ondergaan (Levy,1997). Hierdie veranderinge is gebaseer op teorieë van leerprosesse en aanwending van die beskikbare tegnologie (Zhang, 1997). Die klem op taalonderrig het mettertyd vanaf drilwerk na 'n kommunikatiewe benadering verskuif. Hier val die klem meer op kommunikasie. Die deurlopende veranderinge in tegnologie bemoeilik die konseptualisering van rekenaargesteunde taalonderrig. Daar is twee denkrigtings in die gebruik van die rekenaar in RGTO. Die rol van die rekenaar as werktuig versus tutor (Levy, 1997). Die rekenaar met sy multimediateknologie, skep die platform vir interaktiewe taalonderrig. Leerders gebruik die rekenaar om opdragte uit te voer en te voltooi. As tutor lei die rekenaar die leerders deur instruksies. Dit stel dit die leerder bloot aan die verskillende fasette van taalaanleer. Hierdie fasette kan taalvaardighede soos lees, skryf, luister en praat insluit.

Die ontwerp van rekenaargesteunde programme is krities binne opvoedkundige benaderings beoordeel. Tekortkominge is uitgewys en nuwe strategieë is ontwikkel. Die deurlopende tegnologiese verbeteringe en beskikbaarheid van die rekenaar leen hom toenemend tot RGTO. Dit is binne hierdie konteks wat die rekenaarprogram (Elementêre Afrikaans vir derdetaalsprekers) poog om taalverwerwing by derdetaalsprekers van Afrikaans te ondersteun.

Die funksionaliteit van enige RGTO materiaal gaan gepaard met die vlak van tegnologie op 'n bepaalde tyd beskikbaar. Hierdie veranderende tegnologie skep probleme vir die RGTO-konsep en die praktiese uitvoerbaarheid. Die konsep word gebaseer op indikatore van die volgende komponente (Levy, 1997:8):

- *“language teaching and learning philosophy*
- *role of computer*
- *point of departure*
- *hardware and software*
- *role of teacher(as contributor)*
- *development process*
- *role of teacher (as author)*
- *materials developed.”*

Goedgestruktureerde rekenaarprogramme kan deur groter interaksie 'n betekenisvolle bydrae lewer tot taalaanleer, motivering, verbetering van taalvaardighede, selfvertroue in taalgebruik. RGTO bied hierdie omgewing waarbinne ons derdetaalsprekers hul Afrikaans kan verbeter. Howard Rose (1994) gee 'n lys van voordele van interaktiewe tegnologie:

- *“Precise manipulation of motion and still images*
- *Context embedding of language to support the learner*
- *Control of focus of an activity by careful buildup*
- *Self-paced repetition*
- *The computer can monitor student performance in real time*
- *Student responses and achievement can be monitored and feedback into system to adjust part of the lesson*
- *New tools for organizing resources for both pedagogical and scholarly purposes (e.g. collecting, presenting, shaping, reworking and analyzing language not only in traditional text form but also in aural and visual modalities)*
- *Directed feedback on key points and performance*

In hierdie studie is 'n kommunikatiewe benadering (sien 2.5.2) gevolg, waarbinne die rekenaar die rol van tutor vervul. Afwesige rekenaarvaardighede, lae selfbeeld en geen taalbevoegdheid in Afrikaans by sommige leerders, is faktore wat by die ontwerp van die rekenaarprogram in ag geneem moet word.

2.2.2 Rol van opvoeder

Die rol van die opvoeder binne RGTO is een wat wissel tussen instrukteur tot fasiliteerder (Levy, 1997). Die invloed van tegnologie op taalonderrig het hierdie rol herdefinieer. Die opvoeder het 'n beter begrip van sy leerders se tekortkominge en taalbehoefte. Fasiliteerders, rekenaarprogrammeerders en navorsers moet op hoogte van sake wees rakende nuwe tendense in die tweedetaal- of vreemdetaalonderrig. Hulle moet die selfvertroue hê om te verander, aan te pas en uit te brei na gelang van hul probleme, beperkings en sosiokulturele omgewing waarin hulle die taal onderrig. Opvoeders het die keuse om bestaande kommersiële rekenaarprogramme vir taalonderrig te gebruik of om hul eie materiaal te ontwerp. 'n Goeie teoretiese kennis oor taalonderrigbeginsels en ontwerp moet die basis wees waarop rekenaarprogramme saamgestel word. Opvoeders se rolle kan verder omskryf word:

- as navorsers van taalonderrig
- gebruikers van RGTO sagteware in die klas
- ontwikkelaars van RGTO programme
- fasiliteerders

Die rekenaarprogram (Elementêre Afrikaans vir derdetaalsprekers) is ontwerp sodat leerders verantwoordelik is vir hul eie leer (leerderoutonomie) en die rol van die opvoeder is een soos beskryf deur Tam (2000:53) " *From a constructivist perspective, the primary responsibility of the teacher is to create and maintain a collaborative, problem-solving environment, where the students are allowed to construct their own knowledge and the teacher acts as facilitator and guide.*"

2.2.3 Tegnologie: Sterk vs Swak Punte

Interaktiwiteit is een van die sterkpunte van die rekenaar (Zhang, 1997). Die leerder beheer sy eie leerproses en word hierdeur 'n aktiewe deelnemer. Die rekenaar reageer met terugvoering. Multimedia word as rewolusionêr binne taalleer beskou omdat hierdie medium beeld taalvorme en betekenis op 'n besondere wyse uit. Digitale klank stel die leerder bloot aan taalklanke. Die toonhoogte, buiging en uitspraaktempo kan aangebied word. Foto's, prente en animasie kan gebruik word om betekenis oor te dra. Vinnige en lukrake toegang herroep woordeskat en grammatika. Die rekenaar raak

nooit uitgeput of ongeduldig nie; verskaf dus 'n gebruikersvriendelike en leerder-
outonome omgewing. Die vermoë van die rekenaar om data te stoor en manipuleer,
maak rekordhouding van leerder se vordering moontlik.

Daar bestaan wel tegnologie vir terugvoering van leerderspraak, maar die unieke aard
van leerderuitspraak maak terugvoering problematies. Interaktiewe dialoog, 'n
waardevolle aktiwiteit in taalaanleer, kan tot op hede nie geprogrammeer word nie.
Kommunikasie wat met emosie gepaardgaan bv. opvoeders openbaar geduld, empatie
ens., kan nie deur tegnologie voorgestel word nie. Emosies van leerders sowel as
opvoeders skep of strem die leeratmosfeer in die klas. Die opvoeder se sensitiwiteit
teenoor die emosies van die leerder(s) verg soms aanpassing in lesaanbeiding; iets wat
rekenaars nie kan doen nie.

2.3 Rekenaargesteunde Taalonderrig: Verskillende perspektiewe

Die ontwikkeling van verskillende benaderings word onderlê deur verskillende
metodologieë in taalonderrig. Hierdie benaderings verteenwoordig elk 'n chronologiese
stadium in die ontwikkeling van RGTO. Nuwe rekenaartegnologieë en pedagogiese
benaderings lei tot veranderinge in RGTO. Die vier ontwikkelingsstadia van RGTO word
deur Warschauer en Healey(1998) onderskei as behavioristies, kommunikatief en
geïntegreerd. Die verskillende teorieë oor taalverwerwing kan ingedeel word in
behavioristies, kognitiewe, geïntegreerd, struksionisme, konstruktivisme en
sosiokulturele teorieë.

2.3.1 Behaviorisme

Hierdie benadering fokus op menslike gedragspatrone en die verklaring van hierdie
gedragspatrone (Standridge, 2002). Stimuli bepaal gedragspatrone. Hierdie proses van
stimulus-respons vind ook inslag in taalaanleer. Die probleem met hierdie benadering
is dat die leerder nie self ontdek nie, maar slegs reageer. Faktore wat 'n invloed het op
die leeromgewing (stimuli) beïnvloed gevolglik die proses van taalaanleer. Binne
hierdie benadering word die gewenste gedrag deur beloning verseker. Die benadering
ignoreer die belangrike prosesse en strategieë wat leerders gebruik om inligting sinvol
te verwerk. Positiewe versterking is 'n voorstelling van 'n stimulus wat moontlike
positiewe gedrag uitlok.

Gedurende die vyftiger- en sestiger jare is taalonderrig gedryf deur die sogenaamde dril en oefening metode (PLATO²- program by die Universiteit van Illinois). Die klem van onderrig het geval op instruksie. Hierdie instruksie het 'n spesifieke reaksie vereis. Taalonderrig was dus rekenaargesentreerd. Die rekenaar was 'n meganiese tutor.

2.3.2 Kommunikatiewe benadering

Die kommunikatiewe benadering word gebaseer op die humanitêre teorie van leer.(Curran,1976). Hierdie metode is gebaseer op die volgende hipotese nl. taal is kompleks, en leerders leer 'n taal om in die werklike lewe te gebruik. Situasionele taalonderrig is in die sestigerjare uitgedien en vervang met die kommunikatiewe benadering (Richards en Rodgers,1986). Die doel van enige kommunikasie is om die boodskap te verstaan. Richards (2001) noem die volgende prosesse wat taalaanleer tot gevolg het:

- Interaksie tussen leerder en moedertaalsprekers
- Skep van betekenisvolle en doelgerigte interaksie
- Om betekenis te agter te kom
- Leer deur middel van terugvoering
- Luister na taalgebruik

Die Xhosa-leerders moet hulself tydens lesure in Afrikaans kan uitdruk om aktief deel te neem aan die onderrig. Dit kan mondelings en/of in geskrewe vorm geskied. Die regte boodskap moet in dié twee vorme van kommunikasie oorgedra kan word. Dit is dus belangrik dat die leerders die betekenis van Afrikaanse woorde begryp om verbaal of skriftelik te kan kommunikeer. By die skool skep die moedertaalsprekers en onderrigmedium die ideale omgewing waarbinne die kommunikatiewe vaardighede van derdetaalsprekers ontwikkel kan word.

Kommunikatiewe vaardighede behels die volgende (Richards,2001):

- Om te weet hoe om die taal te gebruik vir verskillende doeleindes en funksies.
- Om taalgebruik aan te pas volgens konteks en (bv. Gesproke teenoor geskrewe taal asook indirekte teenoor direkte rede).
- Om te weet wanneer om verskillende woorde te gebruik en te verstaan

² Programmed Logic for Automatic Teaching Operations

- Om te kan kommunikeer ongeag beperkte taalkennis

Met die koms van die persoonlike rekenaar in die laat sewentiger en vroeë tagtiger jare, het die klem verskuif vanaf die aanleer van taalstruktuur en –reëls na 'n kommunikatiewe benadering. Die tekortkominge op teoretiese en pedagogiese vlak by die behavioristiese benadering is deur die nuwe kommunikatiewe benadering verwerp (Warschauer, 1998).

Die boodskap oorgedra tydens kommunikasie moet verstaan word. Drilwerk en oefeninge was teoreties en pedagogies onvoldoende vir taalaanleer. In die kommunikatiewe benadering word grammatika implisiet aangeleer; leerders word aangemoedig om hul eie leerproses te ontdek en ontwikkel.

Die kommunikatiewe benadering is gebaseer op die kognitiewe leerteorieë waar taalaanleer 'n proses van ontdekking, uitdrukking en ontwikkeling is. *“Cognition can be defined as the act or process of knowing in the broadest sense; specifically, an intellectual process by which knowledge is gained from perception or ideas”* (Huitt, 2006).

Die kognitiewe benadering verklaar menslike gedrag binne hul denkwyses. Dieselfde stimuli lei tot verskillende gedragpatrone (anders as behaviorisme). Die verskillende gedragpatrone word bepaal deur hoe elkeen die stimuli verwerk. Die prosessering van inligting verskil van individu tot individu. Die kognitiewe prosesse is 'n belangrike faktor wat in aanmerking geneem moet word by taalaanleer. Swanepoel (1990) in die hipotese dat taal 'n aangebore menslike eienskap is wat met die regte hulp en onderrig, verbeter en aangeleer kan word.

Die konstruksioniste is van mening dat kennis opgebou word en dat leer plaasvind as leerders hul eie produkte en artefakte skep. Hulle beweer verder dat leerders by hul eie leer betrokke raak as hierdie artefakte persoonlike relevant en betekenisvol is (Kim, 2001).

Hul teorie word op die volgende aannames gebaseer :

- Die werklikheid word gekonstrueer deur mens-interaksie.
- Kennis word gegeneer binne 'n sosiale en kulturele konteks.

- Leer is 'n sosiale proses. Betekenisvolle leer kan slegs plaasvind binne sosiale aktiwiteite.

Die konstruktiewe benadering verklaar dat leer is 'n aktiewe, konstruktiewe proses. Volgens hierdie benadering kan leer slegs plaasvind indien die leerders die inligting verwerk en hul eie voorstellings daarvan maak. Die prosesering en voorstelling van kennis word gebaseer op reeds bestaande kennis. Die Xhosa-leerders het verskillende persoonlikhede en verskillende blootstellings aan Afrikaans, gevolglik verskil hul voorafkennis van Afrikaans van individu tot individu. Hul konstruksies van Afrikaans gaan ook verskil. In die rekenaarprogram moet voorsiening gemaak word vir die minimum voorafkennis in die Afrikaanse taal.

Konstruktiewe leer beklemtoon die bou(konstruksie) wat in die brein plaasvind as mense leer (Bencze, 2005).

Bencze identifiseer belangrike beginsels vir konstruktiewe taalonderrig en –aanleer:

- Leerders het voorafopgestelde idees
- Leerders se idees verskil dikwels van dié van die opvoeder
- Leerders hou van hul eie idees
- Leerders sien wat hulle wil sien
- Leerders is nie altyd bewus wat hulle weet nie
- Leerders benodig eerstehandse ervaring en kennis
- Leerders het ondersteuning nodig
- Leerders moet weet hoe om te leer

Die kognitiewe en konstruktiewe benadering vereis dat die inhoud van die outentieke materiaal nie verminder of oorvereenvoudig moet word nie; daar moet nie 'n bepaalde voorgestelde leerprogressie wees nie; leerders moet hul eie leerstrategieë kies; leerderoutonomieit voorstel (Orwig, 1999). Leerderoutonomieit is die vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy eie leerproses. Die leerder bepaal sy eie doelwitte, kies sy eie leermetodes en tegnieke, konstrueer en evalueer sy eie leerprosesse.

2.3.3 Geïntegreerde RGTO

Hierdie benadering poog om lees-, skryf-, verbale- en luistervaardighede te integreer. Taalaanleer geskied binne outentieke sosiale kontekste waar betekenis meer sin maak. Die lees-, skryf, luister en verbale vaardighede is geïntegreer met rekenaartegnologie. Die proses van taalaanleer vind nou meer gestruktureerd en gekontroleerd plaas. Die strukturele benadering sien taal as 'n sisteem van struktureel verwante elemente vir oordrag van betekenis (Orwig, 1999). Hierdie elemente word beskryf as fonologiese eenhede(foneme), grammatikale eenhede(frases, sinne), grammatikale operasies(skuif, verbind, transformeer of byvoeging van elemente) en leksikale items (funksiewoorde en struktuurwoorde). 'n Strukturele perspektief oor taalaanleer berus op die bemeestering van elemente van die sisteem. Leerders word in die rekenaarprogram geleentheid gegun om die alfabet, getalstelsel, en dan daarna woorde en kort sinne wat met 'n hoë frekwensie in die skoolkonteks gebruik word te leer. Taalaanleer gaan ook oor gewoontes (Thompson, 1993). Die aanleer van woordeskat is 'n vereiste vir sinskonstruksies. Tweedens moet daar gereelde oefening wees. Taalaanleer is baie kompleks daarom die oefeninge, hipotesevorming en evaluering.

Binne hierdie leerruimte is die leerder aktief besig om sy/haar eie leerprosesse en -strategieë te ontwikkel om die teikentaal aan te leer; 'n klemverskuiwing van passiewe na aktiewe onderrig. Die rol van die opvoeder verander na fasiliteerder. Die taaldata en tegnologie word deur die opvoeder beplan, georganiseer en volgens behoeftes beskikbaar gestel.

Chapelle (1998) stel sewe hipoteses voor as kriteria relevant vir multimedia RGTO:

- die linguïstiese karakter van die teikentaal moet opvallend wees.
- leerders moet gehelp word om betekenis en sinstrukture van die teikentaal te begryp.
- leerders moet die geleentheid kry om die teikentaal te gebruik.
- leerders moet hul eie taalfoute kan korrigeer.
- leerders moet betrek word by die interaksie van teikentaal.
- leerders moet opdragte voltooi

2.4 Moderne Tendense in RGTO

Die omgewings waarbinne RGTO (in Engels CALL genoem, Computer Assisted Language Learning) funksioneer is klaskamers, persoonlike rekenaars by die huis, rekenaarlokaal met 'n opvoeder, rekenaars by opvoedkundige of akademiese instellings, en publieke rekenaarsentra. Die funksionaliteit van selfone in taalaanleer is nog in die aanvangsfase. Leerders kommunikeer maklik oor die selfoon waar die klem op kommunikasie eerder as die korrekte taalvorme lê. Te min navorsing bestaan oor die invloed van selfone op taalonderrig.

Die wêreld is besig om te verander vanaf 'n industriële na 'n informasie-era. 'n Tydperk waar ons kan aanvaar dat effektiewe kommunikasie m.b.v. rekenaars, bepalend gaan wees van suksesse in byna enige lewensfaset (Castells, 1996). Vreemdetaalonderrig raak al hoe meer relevant a.g.v. globalisering.

2.5 Invloedsfaktore op die rekenaarprogram

2.5.1 Leerstyle

Die ontwerp van die rekenaarprogram poog om verskillende leerstyle te akkommodeer. Verskillende aktiwiteite is gebaseer op verskillende leerstyle. Laasgenoemde het verskillende konnotasies in verskillende dissiplines. *"In general, it refers to the uniqueness of how each learner receives and processes new information through their senses* (Giles, Pitre en Womack, 2003:15).

Laasgenoemde skrywers onderskei in die algemeen tussen vier soorte leerstyle:

- leer vind plaas as die leerder die inligting visueel ervaar. Hulle dink in die vorm van prente en verbeelding
- leer geskied deur taal wat gehoor of gepraat word. Hierdie leerders is gewoonlik uitstekende luisteraars.
- leer geskied deur lees- en skryfwerk. Sommige van hierdie leerders het fotostatiese geheue.
- leer vind ook plaas deur bewegings, liggaamstaal en emosie. Hierdie leerders is gewoonlik swak luisteraars.

Johnston en Orwig (1999) klassifiseer leerders in vier kategorieë:

(a) Rationele leerder

Hierdie tipe leerder sal die volgende leeromgewings verkies:

- Om te leer uit aktiwiteite binne die gemeenskap.
- Leeraktiwiteite wat die leerder toelaat om waar te neem en mense met hul kultuur te verstaan.
- 'n Klaskameratmosfeer waarbinne die leerders blootgestel word aan 'n verskeidenheid van groepwerk, kreatiwiteit en kommunikasie-aktiwiteite.

Die rasionele leerder beskik oor die volgende sterk punte:

- Baie intuïtief en snap vinnig.
- Aanpasbaar by verskillende situasies en kulture.
- Empatie met ander.
- Goeie oordeel oor mense se reaksies.

(b) Die Analitiese Leerder

Hierdie leerders verkies leeromgewings met die volgende:

- Leerder wil onafhanklik en teen eie sy tempo werk.
- Intellektuele stimulering deur probleem-oplossing, lees en navorsing.
- Die leerder respekteer die opvoeder se intellektuele vermoëns.

Die sterk punte van die analitiese leerder is:

- Goeie analitiese vermoëns.
- Kritiese denker.
- Self evaluering.

(c) Die Gestruktureerde Leerder

Die gestruktureerde leerder benodig 'n georganiseerde en sistematiese benadering tot taalaanleer. Hy verkies die volgende leeromgewings:

- 'n Tipiese klasopset, duidelike instruksies, duidelike aanbieding van materiaal binne 'n geordende sillabus.
- Probleem-oplossing aktiwiteite.
- Oefeninge en drilwerk.
- "Hands-on" aktiwiteite.

Die gestruktureerde leerder beskik oor die volgende sterk punte:

- Goeie beplanning.
- Volharding.
- Deeglike organisering.
- Sistematies en versigtig.

(d) Die Energieke Leerder

Die energieke leerder soek vryheid volgens Johnston en Orwig (1999) en verkies die volgende leeromgewings:

- 'n Taalomgewing met geleentheid vir betrokkenheid.
- Genotvolle leeraktiwiteite.
- Aanpasbare klasatmosfeer vir groepaktiwiteite.

Indien enige leerder sy leerstyl ken, sal dit volgens Johnston en Orwig(1999) bydra tot die sukses van taalverwerwing. Identifisering van elke soort leerder se unieke houding teenoor taalaanleer, bepaal die samestelling en benadering tot rekenaargesteuende programme. Hierdie rekenaarprogramme of sagteware moet sensitief wees vir leerders se houdings teenoor taalaanleer. Laasgenoemde beïnvloed die leerstyl (Orwig, 1999).

2.5.2 Programontwerp en skermuitleg

Leerders het verskillende persoonlikhede, sosio-ekonomiese agtergrond en voorafkennis in Afrikaans. Die rekenaarprogram is so saamgestel om die taalbehoefte in elementêre Afrikaans aan te spreek. Kommunikasie met moedertaalsprekers van Afrikaans sal die ontwikkeling van taalvaardighede aanhelp. Die rekenaarprogram fokus dus op versterking van leerders taalvermoë in Afrikaans. Hoe gemakliker die leerders voel, hoe gouer gaan hulle Afrikaans leer praat.

Die mees prominente komponent van multimedia sagteware is die skermuitleg. Kommunikasie tussen leerder en rekenaar bepaal die funksionaliteit van skermuitleg (Plass, 1998). Alhoewel daar verskillende benaderings bestaan oor hierdie aspek, fokus baie min van hulle op die leerproses en gebruiker. Basiese vaardighede soos lees, luister, praat en skryf vorm deel van dié rekenaarprogram en die ontwerp is op die kognitiewe en kommunikatiewe benaderings geskoei.

2.6 Impak van Vreemde Taalaanleer:

Die hoofokus van hierdie studie is om derdetaalsprekers te help met elementêre taalverwerwing in Afrikaans om uiteindelik akademiese ontwikkeling te laat realiseer.

Volgens Johnston & Orwig (1999) demonstreer leerders wat 'n vreemde taal aanleer, groter kognitiewe ontwikkeling, kreatiwiteit en uiteenlopende denkwyses. Mense wat meer as een taal magtig is, behaal meer punte in toetse met verbale en nie-verbale intelligensie. Navorsing het bewys dat leerders wat 'n vreemde taal aanleer verbeter hul akademiese vaardighede in lees, skryf en wiskunde. Hierdie kinders ontwikkel die vermoë om vroeër onderskeid te tref tussen sinonieme (woorde met dieselfde betekenis)

HOOFSTUK 3: Agtergrond tot navorsing

3.1 Inleiding

Die onderrigmedium by die skool is Afrikaans met Engels as eerste addisionele taal. Afrikaanse taalvaardighede of –verwerwing is by die meeste derdetaalsprekers ver benede die aanvaarbare vlak wat nodig is om skolasies te vorder. Die invloed van kulturele en sosio-ekonomiese omstandighede op die ontwikkeling van dié leerders kan nie geïgnoreer word nie. Hierdie invloede word in die persoonlikhede van leerders ingebou. 'n Essensiële komponent om leer te fasiliteer is om die leerder (leerstyle, houdings en agtergrond) te verstaan (Oblinger, 2003). 'n Studie van hul Afrikaanse taalkennis en –vaardighede sowel as moontlike oplossings is ondersoek. Onderhoude en vraelyste is gebruik om betekenisvolle data te kry. Die resultate van hierdie ondersoekmetodes vorm die basis waarop die multimedia sagteware ontwerp is.

3.2 Metodologie

3.2.1 Deelnemers

Die studie fokus op 40 hoofsaaklike Xhosa leerders. Hierdie leerders kom hoofsaaklik vanuit die Oos-Kaap. Hierdie leerders was nie veel aan Afrikaans blootgestel nie. Daar is by sommige leerders geen sprake van taalverwerwing in Afrikaans nie. Slegs enkele (tussen 3 en 4) kan op hul eie unieke manier in Afrikaans kommunikeer. Afrikaans is dus vir sommige leerders 'n tweede en vir ander 'n derde taal. Die opvoeders van Weston Hoërskool, veral die taalopvoeders wie gemoeid is met die onderrig van Afrikaans aan hierdie leerders.

3.2.2 Meetinstrumente

(a) Onderhoude

Uit gesprekke met opvoeders (veral taalopvoeders) is probleme met taalbegrip en -gebruik by die betrokke derdetaalsprekers geïdentifiseer. Hulle verstaan nie Afrikaans nie en kan hulself nie in Afrikaans uitdruk nie. Ten spyte hiervan, probeer die meeste van hulle om die skoolwerk te doen. Die swak skolasiese vordering by hierdie leerders skryf hulle toe aan die taal(Afrikaans) waarin onderrig plaasvind. Die Afrikaanse taalvaardighede van drie leerders is beperk tot die gebruik van enkel woorde in die plek

van sinne. Elementêre Afrikaanse woorde en sinne wat meer frekwent by die skool gebruik word, het by dié leerders ontbreek. Beperkte Afrikaans taalvaardighede is o.a in die volgende kontekste geïdentifiseer.

<u>Elementêre woorde (soos in)</u>	<u>Kort Sinne</u>
Apparatuur in klas, sport, Aanspreekvorme, Skoolreëls, Getalle, Maande en weke van die jaar, ens.	weet nie; verstaan nie, verduidelik weer; maak klaar, moenie raas nie; hoekom is jy laat; hoe laat is dit; wanneer lui die klok; waar is jou tuiswerk; wie is jy; wat is jou naam; waar bly jy; waarvandaan kom jy?

Deelname in die klas of les geskied nie uit vrye wil nie. Die interaksie tussen die Xhosaleerders en Afrikaanssprekende leerders binne verskillende assesseringsvorme bv. groepwerk en portuurwerk is minimaal a.g.v die taalprobleem. Die leerders se onvermoë om in Afrikaans te kommunikeer, beperkte ondersteuning en motivering, demp selfvertroue. Verder skep dit frustrasie en moedeloosheid by die leerders. 'n Relatief klein persentasie van die leerders(±5%) verlaat uiteindelik die skool.

(b) Vraelyste

Die taalgebreke in Afrikaans van derdetaalsprekers wat deur die opvoeders geïdentifiseer is, is omvat in 'n vraelys³. Hierdie vraelys is gebaseer op meer frekwente taalgebruike in die skool(sien voorafgaande tabel). Die doel van hierdie vraelys, is om fokuspunte te identifiseer vir die ontwerp van die gepaardgaande multimedia sagteware.

Leerders is uniek en elkeen het hul onderskeie sterk en swak eienskappe. Op grond van hierdie eienskappe ontwikkel hulle eiesoortige strategieë nl. metodes, prosesse en stelsels van leer Johnston en Orwig (1999). Leerstrategieë het 'n groot invloed op die proses van taalaanleer. Leerders moet bewus wees van hul leerstrategieë. Die vraelys van Orwig (1999) is gekies om leerstyle by die respondente te identifiseer. Hierdie vraelys (sien bylae B) bepaal die leerder se houding teenoor taalaanleer Hierdie houdings het 'n invloed op die leerstyl van die leerder.

³ Sien BYLAE A

Die vraelys bestaan uit 27 vrae wat deur die leerders voltooi is.

Orwig(1999) groepeer die vrae in die volgende kategorieë: “ *self-image, inhibition, risk-taking, ego permeability, ambiguity*”.

Die reaksie op elke vraag wissel van sterk saam tot verskil sterk en het dienooreenkomstig 'n numeriese gewig of punt (sien bylae C). As jy sterk saamstem met die vraag kry jou reaksie 8 punte; slegs saamstem kry 6, neutraal bly kry 7, verskil kry 2 en sterk verskil kry 0 punte. Die totale punt van elke vraag se reaksie is opgetel.

3.2.3 Interpretasie van resultate

Die resultate van Bylae A:

- Slegs 36 uit die 40 leerders het die vraelys voltooi. Die res kon nie die vraelys beantwoord nie
- 10% het geen Afrikaanse taalvaardighede nie
- 64 % van die leerders voel nie op hul gemak om in die klaskamer Afrikaans te praat nie.
- 58% van die leerders weet nie hoe om op sekere aksiewoorde te reageer nie.
- 44% en 36% kan Afrikaans onderskeidelik praat en lees.
- 56% voel onbekwaam en onderpresteer in die skool omdat hulle nie Afrikaans magtig is nie.
- 64% voel hulle kan nie Afrikaans aanleer nie.

Uit bostaande inligting kan ons die volgende afleidings maak:

Die leerders se taalverwerwing in Afrikaans is oor die algemeen swak ontwikkel. Hul gebrekkige taalvaardighede beïnvloed hul houding teenoor Afrikaans, betrokkenheid by hul skoolwerk, interaksie in die klas en persoonlikhede.

Die resultate van Orwig (1999) se vraelyste:

	High	Above Average	Average	Low
Self-image	8	12	6	0
Inhibition	4	18	1	1
Risk-taking	10	9	4	2
Ego Permeability	9	11	5	3
Tolerance and Ambiguity	11	12	3	5

Tabel 1: Resultate van vraelys oor houdings

Tabel 1 gee die houdings van die respondente teenoor taalaanleer aan as hoog, bo gemiddeld, gemiddeld en laag. Die punt in elke kategorie reflekteer die houding teenoor taalaanleer (Johnston en Orwig, 1999). 'n Lae telling in die selfbeeld-kategorie, dui op 'n lae selfbeeld in taalaanleer en omgekeerd. Dieselfde reël geld vir die res van die kategorieë. Die analise van elke respondent se houdings teenoor taalaanleer is gedoen. Op grond hiervan is leerstyle (sien 2.5.1) geïdentifiseer. Almal het meer as een leerstyl openbaar.

3.3.3 Teorieë, Tegnieke en Aktiwiteite in RGTO

Daar bestaan hoofsaaklik twee denkrigtings oor die aanwending van tegnologie binne RGTO. Die een fokus op onafhanklike leer terwyl die ander die tegnologie en tutor kombineer. Onafhanklike leer kan gesien word:

- die leerder is verantwoordelik vir sy eie leer
- die leerder werk op sy eie

RGTO kan dus leerderoutonomieit aanmoedig, waar die leerder verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie leerproses. Hulle is minder afhanklik van die opvoeder en ontwikkel hul eie taalvaardighede (Jones, 2001). Die onderliggende teorieë oor die aanwending van tegnologie in RGTO word onder 2.3 bespreek.

Die tegnieke wat in die rekenaarprogram ingebou is, fokus op taalvaardighede soos lees, luister, skryf en praat. Hierdie tegnieke is gebaseer op dié van onder andere Orwig en Wimbish (1999). Hulle onderskei tussen die volgende tegnieke:

- verbeter uitspraak
- ontwikkel grammatikale akkuraatheid

- bou woordeskat
- tipes gesprekvoeringe
- oefen kommunikatiewe funksies
- leer toepaslike variëteite
- leer interaksievaardighede
- begrip vir kultuur

Die aktiwiteite in die rekenaarprogram fokus op kommunikatiewe bevoegdheid.

Grammatikale bevoegdheid is 'n voorvereiste vir kommunikatiewe bevoegdheid (Orwig, 1999). Eersgenoemde verwys na die vermoë om te onderskei tussen die verskillende betekenisvolle klanke, woorde, taalreëls en –gebruike. Mompean (2003) stel voor dat fonetiese simbole soos die alfabet van 'n vreemde taal eerste aangeleer moet word. Hierdie voorstelling moet audiovisueel aantreklik voorgestel word om die leerders te motiveer om dit aan te leer.

Die aanleer van Afrikaanse woordeskat kan nie net tot 'n rekenaarprogram beperk word nie. Laasgenoemde sal deur addisionele lees en interaksie met moedertaalsprekers ondersteun moet word. Groot (2004) is van mening dat funksionele taalbevoegdheid word bepaal deur bemeestering van oorwegend groot getalle woorde. Die woordeskat in die rekenaarprogram sal dus beperk wees tot hoë frekwente gebruik van sekere woorde in belangrike assosiatiewe kontekste. Hierdie woordeskat moet deur interaksie met moedertaalsprekers aangevul of uitgebrei word.

Hoofstuk 4: Rekenaarprojek: Beskrywing en Analise

4.1 Beginsels en benaderings by rekenaargesteunde taalonderrig

In tweede of derdetaal onderrig word daar 'n onderskeid gemaak tussen hoofsaaklik eksplisiete (deduktiewe) leer, leer gebaseer op behavioristiese metode en implisiete leer (Orwig, 1999). Die Afrikaanse woordeskat van sommige Xhosa-leerders is beperk. Eksplisiete leer in die rekenaarprogram poog om woordeskat by die leerders te vermeerder. Die leerders benodig hierdie aangeleerde woordeskat vir sinskonstruksies wanneer hulle kommunikeer.

Interaksie met die rekenaarprogram, beteken interaksie met Afrikaans. Die doelwit vir die leerders is om die betekenis in woorde of sinne te verstaan en te interpreteer. Chapelle(1997) sien dit as 'n kommunikatiewe doelwit. Die rekenaarprogram poog om die onderliggende vaardighede vir dié doelwit te ontwikkel. Die kommunikatiewe benadering tot taalaanleer fokus op kommunikatiewe vaardigheid. Hierdie onderliggende vaardighede word deur Lee en Platten(1995)as volg uitgespel:

- kennis oor die struktuur en vorm van taal
- kennis oor die reëls van sinskonstruksies
- kennis oor die reëls van interaksie
- hoe om die taal effektief te gebruik

4.2 Inhoud

Die rekenaarprogram bestaan uit twee vlakke. Die inhoud van elke vlak word op die volgende uitkomstes, soos vervat in die kurrikulum vir tale, gebaseer (Benjamin, 2005)

4.2.1 VLAK EEN

(a) PRAAT

- (i) Gebruik en reageer gepas op eenvoudige groetvorme en rig eenvoudige versoek en bedankings

- (ii) Reageer gepas met enkele woorde of alledaagse vaste vorme op eenvoudige vrae, soos “Goed, dankie”.
- (iii) Gebruik hoflikheidsvorme (asseblief, dankie, jammer).
- (iv) Reageer gepas op eenvoudige vrae.
- (v) Eenvoudige versoeke en maak eenvoudige stellings soos: Julle kan maar sit, asseblief?; Dit is ‘n pen.
- (vii) Woorde oor ‘n foto of ‘n prent.
- (viii) Vra om verduideliking, soos: Ek verstaan nie. Sê dit weer, asseblief.
- (ix) Toon bewustheid van die onderskeie gepaste kulturele aanspreekvorme, soos hoe hoflikheidsvorme in verskillende tale verskil.
- (x) Druk haar/homself op eenvoudige maniere uit indien ‘n mondelinge struktuur verskaf word, soos: Ek hou van ...; ek hou nie van ... nie.
- (xi) Spreek bekende woorde duidelik en korrek uit.

(b) LEES EN KYK

- (i) Pas woorde en voorwerpe bymekaar
- (ii) Gebruik fotos om geskrewe teks te verstaan:
 - Verstaan ‘n prenteverhaal, soos om ‘n prent wat nie in volgorde is nie, te identifiseer;
 - Pas prente en woorde bymekaar, soos gebruik geskrewe woorde as byskrifte by voorwerpe of prente;
 - Bring prente in verband met eie ervaring;
- (iii) Volg instruksies in drukskrif op eenvoudige fotos, soos: Staan; Sit; Loop
- (iv) Begin om ‘n geskrewe teks te verstaan deur te lees:
 - Lees die titel en begryp waaroor die teks handel;

(tikwerk)

- Volg video

(v) Ontwikkel klankbewustheid:

- Herken verskille in uitspraak in die huistaal en die addisionele taal
- Verstaan die letter-klank-verhouding van die meeste enkelkonsonante en kort vokale.
- Verdeel eenvoudige woorde met enkel-aanvangskonsonante en kort vokale (KVK-patroon) in die eerste klank en die tweede deel van die lettergreep, soos “v-at”, “w-at”;
- Groepeer algemene woorde in woordfamilies, soos “kat”, “lat”, “mat”, “vat”, “wat”;
- Herken sommige verskille in die klank-spelling-verhouding tussen die huistaal en addisionele taal, soos die “wa”- in “water” in Afrikaans en Engels;
- Herken vokaalklanke wat uit twee letters bestaan, soos in “moet”, “deur”, en diftonge, soos “ou”, “ei”, “u”.
- Herken twee- en driekonsonantkombinasies aan die begin en einde van woorde, soos “str-“, “-nd”,
- Herken die eeste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone, “dr-oom”, “str-oom”,
- Herken bekende rymwoorde, soos “raai”, “saai”, “haai”.
- Herken agtervoegsels soos –er en –ste, soos in “mooier”, “slimste”.

(vi) Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:

- Toon begrip van ‘n prenteverhaal (soos deur prente en foto’s in die korrekte volgorde te rangskik);
- Verstaan ‘n prente- of strokiesverhaal deur onderskrifte en spraakborrels met visuele beelde in verband te bring;

(c) SKRYF

- (i) Voltooi sinne deur ontbrekende woorde in te vul.

(d) DINK EN REDENEER

- (i) Verstaan konsepte en woordeskat wat verband hou met:

- Identiteit (soos: my naam is ...);
- getalle (soos: sirkel, vierkant);
- grootte (soos: klein, groot);
- tyd (soos: nou, môre);
- ouderdom (soos: Ek is ses);
- rigting (soos: links, regs);
- volgorde (soos: eerste, laaste);
- vermoë (soos: Ek kan ...).

- (ii) Gebruik taal om te dink:

- Identifiseer dele van 'n geheel (soos dele van die gesig, liggaam);
- Klassifiseer dele van 'n geheel (soos: Sit al die plastiekvoorwerpe op 'n hoop en die houtvoorwerpe op 'n ander hoop);
- Rangskik dinge (soos van groot na klein)
- Orden dinge (soos van die langste na die kortste).

- (iii) Identifiseer dinge volgens eenvoudige beskrywings

- (iv) Verstaan en gebruik enkele wiskundewoorde (soos: optel, aftrek).

(e) TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

- (i) Verstaan vraagvorme in Mondelinge tekste (soos: Wat ...?)
Wie ...? Hoe ...? Hoeveel ...? Kan? Verstaan en gebruik sommige vraagvorme (soos: Wat doen jy? Waarheen gaan jy? Wat het gister/verlede week/vanoggend gebeur?)

- (ii) Verstaan enkelvoudige sinne in mondelinge tekste (soos: Ek wil huis toe gaan).
- (iii) Verstaan bevelsinne in mondelinge tekste (soos: Kom hier, Moenie sit nie, Sit maar).
- (iv) Verstaan enkele hulpwerkwoorde in mondelinge tekste (soos: Ek kan spring/hardloop).
- (v) Verstaan enkele negatiewe vorme in mondelinge tekste (soos: Sy slaap nie; Ek hou nie van vleis nie).
- (vi) Verstaan die teenwoordigetydsvorm in mondelinge tekste (soos: Sy lees. Hy eet 'n toebroodjie).
- (vii) Verstaan meervoudsvorme in mondelinge tekste (soos boek/boeke).
- (viii) Verstaan persoonlike en besitlike voornaamwoorde in mondelinge tekste (soos: ek, my, myne; jy, jou, joune; sy, haar, hare; ons, ons s'n).
- (ix) Verstaan enkele voorsetsels in mondelinge tekste (soos: in, by, met, op).
- (x) Verstaan enkele adjektiewe (soos: groot, klein) en bywoorde (soos: stadig vinnig).

4.2.2 VLAK TWEE

- (a) Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
 - verbuiging van adjektiewe, alledaagse trappe van vergelyking en intensiewe vorme (soos: jong, sagte; vroeër, vroegste,; dolverlief);
 - persoonlike, besitlike, vraende en betreklike voornaamwoorde;
 - determineerders en telwoorde (soos: 'n, die; vyfde, laaste);

- hoofsaaklik die aktiewe vorm, hoofletters en leestekens (punt, vraagteken).
- (b) Verstaan mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings.
- (c) Gebruik die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse:
- speel 'n speletjie wat taal betrek.

4.3 STRUKTUUR en ONTWERP

4.3.1 Struktuur

Die volgende aannames en beginsels van die konstruktiewe benadering is gebruik met die strukturering van die rekenaarprogram:

- Kontekste waarbinne taalvaardighede geleer en gebruik word.
- Leerderoutonometiet en manipulering van informasie deur die leerders.
- Inligting word op verskillende maniere voorgestel.
- Ondersteun probleem-oplossing-vaardighede.
- Evaluering wat fokus op oordra van kennis en vaardigheid

Programontwikkelaars probeer om teorie, filosofie van onderrig en leer met die potensiaal van die rekenaar versoen. 'n Ontwerp sal deur evaluering verander en aangepas word om genoemde drie komponente te sinchroniseer (Schneiderman, 1987).

Volgens hom moet die volgende vereistes geld:

- Ontwerp is 'n proses en dus nie staties nie
- Die ontwikkelingsproses is nie-hierargies
- Dit is radikaal transformeerbaar
- Nuwe doelwitte moet ontdek word

Die rekenaarprogram wil 'n leeromgewing skep, waarin leerders tuis en gemaklik op hul eie tempo, hul taalvaardighede in Afrikaans kan ontwikkel. Linieêre progressie van leer word nie voorgestel nie. Die leerders kan kies waar en hoe hulle in die program wil werk.

Die openingskyfie sien soos volg daaruit:⁴



Figuur 1 : Tuisblad van rekenaarprogram

Die sokkerballe en rugbybal verteenwoordig die twee grootste sportsoorte in Suid Afrika nl. rugby en sokker. Sokker en rugby is die grootste sportsoorte en verteenwoordig dus die tale in Suid-Afrika. Die samevoeging van die sportsoorte sinspeel op saambestaan van tale. Die verskillende kleure van die balle en woorde komplementeer die ideaal van “reënboognasie”. Die liedjie uit Ali Barber⁵ se “rainbow nation” (met Afrikaanse lirieke) speel saam met aksiewoorde: leer, voel, praat, speel en skryf. Hierdie aksiewoorde rol oor die skerm. Die woord “begin” op die sokkerbal dui op toegang tot die program. As jy op begin kliek sal die bal in die doelpale verdwyn. Die doel wat aangeteken word beeld sukses uit. Sukses in die aanleer van Afrikaans. ‘n Persepsie word geskep dat Afrikaans gespeel en geniet kan word.

Die tweede skerm⁶ wys ‘n gebou(skool) met twee vloere. Die vloere se nommers verskyn op die deure. Elke deur gaan na die betrokke vloer en sy ooreenstemmende vlak(sien 4.2). Die opvoeder nooi die voornemende leerder in die klas met die verwelkomingsboodskap, “Kom binne”. As die leerder enige van die twee vlakke betree, word die vensters belig.

⁴ Sien Figuur 1

⁵ Kyknet TV program

⁶ Sien Figuur 2



Figuur 2 : Vlakke

Die eerste en tweede vlak gaan oor in 'n kieslys wat op 'n skryfbord voor in die klaskamer gemonteer is. Hierdie vertoonbord gee die leerders opsies wat na willekeur gekies kan word. Die vensters(blokkies) dien as skakels. Die vensters bevat grafika, woorde en foto's wat elk 'n taalkonteks uitbeeld. Inhoude wat deur die eerste vensterbord gewys word, sluit in: die alfabet, syfers, kleure, weksdae, maande van die jaar, tyd, kos, weer, skryfbehoeftes, meervoude, verkleinwoorde, sport, werkwoorde, skoolgeboue en voedsel.

Elke venster verskaf toegang tot 'n konteks. Geen voorgeskrewe orde word voorgestel nie, behalwe dat leerders heel waarskynlik, intuitief op die eerste blokkie sal klik om by die alfabet te begin.



Figuur 3 : Kieslys

4.3.2 Skermuitleg

Die ontwerp beeld die voorkant van 'n klaskamer uit. Stimulerende impulse in die vorm van foto's, prente en woorde word gebruik om taalonderrig en –aanleer te aktiveer. Die skermuitleg van die rekenaarprogram skep interaksie tussen die skerm en die leerder. Plass J (1998) definieer skermuitleg in die algemeen as dié deel van die sagteware wat

met die leerder kommunikeer; die grafiese koppelvlak skep funksionaliteit tussen rekenaar en gebruiker.

Binne elke skerm in die rekenaarprogram is skakels na teks en klank. Die skermuitleg is leerder-gesentreerd. Leer vind plaas a.g.v. manipulering van die skermuitleg. Hierdie twee kenmerke vind inslag in die kognitiewe benadering tot taalaanleer. “*Interface design is the process of selecting interface elements and features based on their ability to deliver support for the cognitive processes involved in the instructional activities facilitated by the application*” (Plass, 1998:39).

Die skermuitleg van die rekenaarprogram fokus hoofsaaklik op twee scenario's: 'n klaskamer en 'n sokkerveld. Afrikaans word in die klaskamer aangebied. Evaluering van die leerders se taalaanleer word op die sokkerveld gedoen. Die deurlopende blouvaal raamwerk verteenwoordig die kleure van Weston Hoërskool. Die materiaal wat op die skerm uitgestal word, sluit in teks, video, oudio, grafika, ens. Skakeling tussen skerms en vloere(skoolgebou) word met kontroles aan die onderkant van die skerm aangedui.

Eienskappe wat skermuitleg moet reflekteer(Feinrich):

- Informasie wat die gebruiker sal oriënteer
- Materiaal wat voorgestel word
- Areas vir insette en aanwysigings
- Terugvoering en foutboodskappe
- Kontrole opsies



Die woordeskat wat per skerm aangebied word, is wissel tussen 10 en 18 woorde⁷. Die kort sinne word gebruik om begripvorming vinniger te laat plaasvind. Die rekenaarprogram vermy lang paragrawe deur klein hanteerbare eenhede(teks) te gebruik. Die leerder moet geensins op enige stadium voel dat hy/sy die program wil verlaat a.g.v. te veel leeswerk nie. Daar is uniformiteit t.o.v skrif tipe en –grootte.

Aan die onderkant van die skerm is kontroles wat die leerder in staat stel om ter eniger tyd van afdelings te verander of die program te verlaat. Indien 'n afdeling met 'n toets

⁷ sien 4.3.6

afgesluit kan word, sal die toetskontrole ook verskyn. By sekere afdelings is daar 'n kontrole wat die Xhosa vertaling aanbied.

4.3.3 Toeganklikheid

Die toeganklikheid binne die rekenaarprogram word bewerkstellig deur skakels tussen teks en skerms. Sekere skakels wys teks en foto's en ander gee klank. Die toeganklikheid van die rekenaarprogram word ondersteun met navigasie kontroles. Navigasiekontroles verwys na "KIESLYS", "TOTSIENS" en die pyltjies aan die onderkant van die skerm. "KIESLYS" neem die leerder na die inhoudsopgawe. Die pyltjies neem die leerder na volgende of vorige skerm. Die kontroles  onderaan die raam gee skakeling tussen vlak 1 en 2, en  gee jou die keuse om die program te verlaat.

Skakels is linieêr (na volgende of vorige skerm) en nie-linieêr(een skerm na ander skerm). Navigasiekontroles word baie simplisties in die rekenaarprogram gebruik. Skakels is op woorde en kontroles geplaas.

4.3.4 Multimedia

Multimedia binne die rekenaarprogram verwys na klank, video, grafika en foto's. Die aanwending van multimedia binne die rekenaarprogram plaas die fokus op visuele betekenis. "*Videoclips*" het hier 'n kommunikatiewe funksie. In die rekenaarprogram word sekere taalgebruike met eksterne aksie(video) ondersteun, terwyl ander taalgebruike deel is van die video.

Binne die kognitiewe benadering poog die rekenaarprogram om leerders toe te laat om 'n verband te skep(implisiete leer) tussen die taal en die visuele voorstelling van die gepaardgaande betekenis. Die leerders heg betekenis aan dit wat hulle sien; 'n noodsaaklike komponent om te kan kommunikeer.

4.3.5 Evaluering en Terugvoering:

Enige leersituasie moet gekomplementeer word met een of ander evalueringinstrument. In die program is daar toetse wat deur die leerder voltooi kan word om sodoende sy eie vordering te meet. Dit kan net na die voltooiing van die onderrig op die betrokke skerm of later gedoen word. Aan die einde van elke vraag is daar terugvoering, 'n soort

interaksie soos vereis. Korrekte antwoorde word positief geprys en verkeerde antwoorde word positief begelei met leidrade om die leerder te help na die antwoord.

Die korrekte antwoord word nie gegee nie omdat leerstrategieë dit moontlik maak vir die leerder om sy fout te ontdek. Die leerder word geforseer om terug te gaan na die betrokke eenheid om weer sy kennis te verfris.



Figuur 4 : Evaluering

Die vrae word voorgestel met sokkerballe⁸ wat in die doelhok geplaas moet word. Leerders moet op die balle klik. Daar is doelbewus geen doelwagter in die doelhok nie, sodat leerders dit sielkundig as geen hindernis moet sien nie. Taalaanleer kan ook met speletjies geniet word.

Dit is die leerder se prerogatief om die toets te doen, herhaal of onvoltooid te verlaat en na enige ander afdeling oor te skakel sonder dat die program dit verhoed. Leerder outonomieit word dus deurgaans gekomplementeer. Doele wat aangeteken word met terugvoering van beskrywende woord soos “mooi so, hou so aan, pragtig”, saam met persentasie(getalle) gee addisionele blootstelling aan Afrikaanse taalgebruike. Positiewe korrigering in die vorm van “probeer weer” gevolg deur ‘n leidraad om te help met die korrigering van die fout verminder die tyd wat leerders sou spandeer om foute

⁸ Sien Figuur 4

reg te stel. Die mate waartoe leerders die korrekte antwoorde gee, word bepaal deur die impak van die voorafgaande taalonderrig.

Leerders het ook die geleentheid om enige moeilike teks of sinskonstruksie herhaaldelik te aktiveer om sodoende vertrouwd te raak met die uitspraak en betekenis daarvan. Herhaling is doelgerigte oefening en hersirkulering van bestaande leermateriaal of kennis.

4.3.6 Woordeskat en Kort sinne

Volgens Coady (1997) se navorsing vind die aanleer van woordeskat in tweede taal op twee maniere plaas: *“one extreme is ‘incidental learning’ through exposure to language use in contexts whereas the other extreme is ‘explicit learning’ through the focused study of words”*. Die rekenaarprogram bied woorde eksplisiet aan die leerders. Op dieselfde skerm word hierdie woorde binne kontekste geplaas (implisiete leer) om betekenis oor te dra. Hierdie kontekste is sinne met gepaardgaande foto’s, animasie, grafika en videos.

Groot P (2000) is van mening dat taalaanleer wat deur woorde en grammatikale reëls plaasvind, nie kommunikatiewe vaardighede ontwikkel nie.” *An integrated approach combining systematic attention to the acquisition of both grammar and vocabulary is considered more effective.*” Navorsing oor die rol van woordeskat binne taalaanleer is onder andere *“The Latent Semantic Analysis”* model nagevors. Hierdie model toon aan dat leerders op laer- en hoërskool gemiddeld tussen 10 tot 15 woorde per dag aanleer. In die vroeë stadia van vreemde taalaanleer word woorde met ‘n hoë frekwensie hoofsaaklik aangeleer (Groot, 2000). Hierdie hoë frekwensie woorde word binne bepaalde kontekste aangeleer. In die rekenaarprogram word gemiddeld tussen 10 tot 16 woorde gegee. Die konteks (kort sinne, foto’s, grafika of video) waarbinne die woord gebruik word, word ook aangebied. Hierdeur poog die rekenaarprogram om die betekenis van die woorde oor te dra.

4.4 Die Beginner-spreker

Sommige van die Xhosa-leeders is nog nie op die vlak van beginner-spreker in Afrikaans nie. Die rekenaarprogram poog om hierdie leerders tot beginner-sprekers te ontwikkel. Basiese woordeskat word nie soos verwag, by die begin vasgelê nie (Orwig, 1999). Die leerder sal telkemale moet terugkeer om die gapings te vul. In die rekenaarprogram bied toegang tot repetisie en terugverwysing van woorde en sinne. Die aanleer van woordeskat is betekenisvol as jy die gebruik daarvan in 'n bepaalde gebruik uitken.

Betekenisvolle uitkenning van woordeskat help met kommunikasie. Volgens Groot (2000) word sinne wat met die basiese behoeftes van mense geassosieer word eerste aangeleer. Elke woord en sin wat aangeleer word, vergroot en verbeter 'n spreker se kommunikasievermoë. Woorde met 'n spesifieke karakter word eerste aangeleer. Dit sluit in: woorde wat mense se voorkoms, karakter en emosies beskryf. Woorde wat kleur, vorm, tekstuur, toestande, waardes van voorwerpe beskryf. 'n Basiese spreker se woordeskat bestaan ook uit getalverwante woorde soos min, baie, tien, genoeg ens. Woorde wat aksie beskryf word ook deur die beginner gebruik bv. val, rol, ens. Die beginner se woordeskat beskryf ook mense se optrede of hul reaksies bv. hy klap hande, hulle sing ens.

Die aanvanklike sinskonstruksies is baie elementêr en dien as skelet waarop meer komplekse sinskonstruksies gebou word. In die begin is die idee om dit hanteerbaar te hou. Die beginnerspreker leer eers sinne wat beskryf en identifiseer bv. dit is 'n pen. Alhoewel enige persoon kan sien dit is 'n pen, gaan dit egter om die taalkonstruksie en die toepassing daarvan. Die beginner se eerste sinne sal ook voorwerpe, kleur, vorm, grootte en toestande beskryf bv. dit is rooi, dit is rond, dit is klein, dit reën, ens.

Eenvoudige instruksies soos vra en versoek is belangrik vir die beginner. Hier moet met die grootste omsigtigheid gewerk word bv. *Sal jy sit asseblief* klink meer beskaafd teenoor *Sit*. Die beginner identifiseer en beskryf aksies en ervarings in meer uitgebreide sinne bv. *Dit is 'n man wat uitbrei na* *Dit is 'n man wat op die bord skryf*. Die begin van taalaanleer het ook te make met eenvoudige sinne waarin daar 'n onderwerp en 'n voorwerp is. Die beginner moet verstaan wie doen wat bv. die seun jaag die hond, die opvoeder beledig die seun, ens.

Die gebruik van voornaamwoorde word ook in die aanvanklike woordeskat geleer, bv. Sy gaan jou leer, Hy skryf nou, ens. Hierby moet betreklike voornaamwoorde soos wie, wat, waar, watter, waarheen, waarvandaan ens. ook gevoeg word. Die beginner spreker sal kan vra: *Wie is jy?, Wat kom maak jy hier?* ens. Onderskeid moet getref kan word tussen die selfstandige en voornaamwoorde in hul verskillende rolle as besitlike en besitting. bv. *Die seun se boek* teenoor *My boek*.

'n Beginner-spreker moet aksies kan beskryf. bv. *Maak gou, Jy moet vinnig skryf* ens. Die spreker bou op die voorafgaande taalvermoëns deur sinne te gebruik wat tyd (hede en toekoms) aandui, bv. *Hy doen sy werk, Hy het nie sy werk gedoen nie*. Algemene stellings word gemaak van gebeure bv. *Hy doen nooit sy tuiswerk nie, Sy gaan slaag*.

In die beginner se woordeskat is woorde wat tyd aandui, bv. vanmiddag, more, vanaand, gister, volgende dag ens ; die gebruik van iemand, niemand; tipes vraagsinne waarop ja of nee reageer teenoor antwoorde met meer inhoud bv. *Is jy honger, Waar was jy?* Ontkenning en opdraggewende sinne sluit in, *Sit asseblief* teenoor *moenie sit nie*. Sinne wat begin en einde aandui bv. *Ek begin leer* teenoor *Ek het geleer*.

4.5 Eenhede:

4.5.1 Die alfabet⁹

Die Audio-linguistiese Metode: Die metode behels die aanleer van die formele onderafdelings van 'n taal in sy geskrewe en gesproke vorm. Hierdie metode steun swaar op memorisering. Fonetiek en fonologie vorm die kernaspekte van die metode. "Die strukturalistiese benadering met sy uitloper in die behaviorisme, bied die teoretiese fundering vir die oudiolinguale benadering"(Swanepoel,1990:23)

Vyf van die leerders ken nie die klanke van die letters in Afrikaans nie. Die alfabet is dus die mees elementêre taalkomponent waarmee hierdie leerders moet begin. Die rekenaarprogram skep hierdie platvorm.

⁹ Sien Figuur 5

Die verskillende kleure van die letters sluit aan by die openingskyfie en tema van die reënboognasie. Die leerder kry die geleentheid om op 'n letter te klik sodat hulle die uitspraak kan hoor en terselfdertyd die posisie binne die alfabet sien. Die onderkas van die letter word deur 'n wit sirkelvormige agtergrond belig. Repetisie word toegelaat, sou hulle deur oefening die klanke wil bemeester. Leerders bepaal hul eie leertempo en progressie.



Figuur 5 : Alfabet

4.5.2 Tyd en Groet¹⁰

Die konteks waarbinne tyd en die verskillende vorme van groet aangebied word, berus op alledaagse gebruike by die skool. Beide analoog en digitale tydvorme word uitgebeeld. 'n Klik op tyd of 'n groetvorm aktiveer gepaardgaande klank en analoë voorstelling om die betekenis uit te lig bv. as die leerder op 12h00 sou klik sal 'n analoë horlosie verskyn en terseldertyd sal die gepaardgaande woorde van groet ook belig word om die leerder bewus te maak van die tydskonteks waarbinne sekere groetvorme gebruik word.

¹⁰ Sien Figuur 6

01h00		13h00		Tyd	
02h00	03h00	14h00	15h00	oggend	Groet
04h00	05h00	16h00	17h00	middag	Goeiemôre
06h00	07h00	18h00	19h00	aand	Goeiemiddag
08h00	09h00	20h00	21h00	voormiddag	Goeienaand
10h00	11h00	22h00	23h00	namiddag	Dagsê
12h00	13h00	24h00		vroeg	Horlosie
				laat	middernag
				totsiens	
				uur ure	
				minuut minute	

Kieslys Totsiens

Figuur 6 : Tyd

Daar is ondersteuning vir die leerder wat sou sukkel om die betekenis te begryp. Die Xhosa vertaling sal aan die onderkant van die skerm verskyn om hiermee te help. Daar is 'n skakel¹¹ op die woord tyd wat lei tot 'n ander skyfie met elementêre dialoog rondom tyd. Die karakters se taalgebruik word aan die bokant van die skerm met 'n horlosie ondersteun sodat die betekenis van hul dialoog binne konteks gesien word.




Figuur 7 : Tyd in dialoog

Op vlak twee¹² word animasie gebruik om die groetvorme verder te ondersteun. Hier word die analoë en digitale kombinasies en groetvorme deur animasies van sonsopkoms en -ondergang versterk om meer betekenis aan die groetvorme te gee. Die tydsintervalle waarbinne ons in Afrikaans groet word ook met animasie bygebring. 'n Skakel op die foto neem die leerder na groetvorm met die telefoon.

¹¹ Sien Figuur 7

¹² Sien Figuur 8



Figuur 8 : Animasie van tyd

4.5.3 Dae van die week en Maande van die jaar

Die name van die weksdae asook hul posisie binne die week word hier aangebied. Dieselfde geld vir maande¹³ van die jaar. Uitspreekvorme(klank) en posisionele aanduiders neem die leerders deur die dae van die week asook maande van die jaar. Die vorm van die blokke waarin die name van die maande verskyn gee die lengte van die woord.



Figuur 9 : Maande van die Jaar


¹³ Sien Figuur 9

Die name van die weksdae en maande word baie gebruik. Die aanleer van die hierdie name word aan die regterkant van die skerm aangebied. Die posisie van die maand of dag word aan die onderkant van die skerm aangedui. Ordening van die maande en dae word in sinskonstruksies aan die linkerkant van die bord onderrig. Die leerder word hierdeur blootgestel aan kort sinskonstruksies wat plekaanduiders gebruik. Die name van die weksdae en maande word verder ondersteun met die Xhosa-vertaling aan die onderkant van die skerm.

Die aanwesigheid van 'n toetskontrole onder die skerm op die taakbalk, bied die opsionele geleentheid vir die leeder vir selfevaluering. Hierdie toets kan onbeperk herhaal word. Dit word as 'n speletjie voltooi.

4.5.4 Kleure en Klere

Hierdie skerm¹⁴ stel die leerders bloot aan kleure en klere soos vervat in die skooldrag. Leerders met kleurgestremdhede sal nie by die uitkenning van kleure baat nie, maar wel by die beskrywing van daardie kleur binne 'n konteks waar bv. vaalbroek met 'n foto ondersteun word.



Figuur 10 : Kleure

Op vlak twee word die kleure van vlak een vervang met klere¹⁵. Hier word die taalgebruik met 'n video versterk. In hierdie video verduidelik 'n seun en dogter hul skooldrag met die beskrywing agter op die bord. Die konsep van manlik en vroulik, seun en dogter vind hier inslag.

¹⁴ Sien Figuur 10

¹⁵ Sien Figuur 11



Figuur 11 : Klere

4.5.5 Voorsetsels

Op vlak een verskyn 'n aantal voorsetsels¹⁶. Die betekenis van voorsetsels word deur die leerders op die skerm in sinsverband uitgespel. Met 'n klik op elke leerder sal kort sinskonstruksies met klank verskyn. Die betekenis van die sinskonstruksies word verder belig met fotos, grafika en prente. Op vlak twee word die gebruik van voorsetsels in meer uitgebreide sinne en kontekste aangebied.




Figuur 12 : Voorsetsels

¹⁶ Sien Figuur 12

4.5.6 Skryfbehoeftes

Op hierdie skerm word die verskillende skryfbehoeftes voorgestel. Leerders kry die geleentheid om die woorde te sien en die uitspraak te hoor en te verstaan m.b.v. 'n foto of prent. Gebaseer op hoë frekwensie gebruik is dit belangrik om die aanleer van hierdie woorde te toets. Op vlak twee word slegs sinskonstruksies gebruik. Die sinskonstruksie verskyn bo-aan die skerm, die konteks wat betekenis uitbeeld, onderaan die skerm, terwyl die betrokke woord belig word.

4.5.7 Getalle



GETALLE		SYFERS			
1	een	11	elf	21	een-en-twintig
2	twee	12	twaalf	22	twee-en-twintig
3	drie	13	dertien	23	drie-en-twintig
4	vier	14	veertien	24	vier-en-twintig
5	vyf	15	vyftien	25	vyf-en-twintig
6	ses	16	sestien	26	ses-en-twintig
7	sewe	17	sewentien	27	sewe-en-twintig
8	agt	18	agtien	28	agt-en-twintig
9	nege	19	negentien	29	nege-en-twintig
10	tien	20	twintig	30	dertig

40 50 60 70 80 90 100 200 300 400 500
1ste 2de 3de 4de 5de 6de 7de 8ste 9de 10de


Kieslys Toets Totsiens

Figuur 13 : Getalle

Die getal¹⁷ in gebruik word belig en ondersteun met die Xhosa-vertaling. Plekposisie¹⁸ word deur grafika uitgebeeld sodat die leerder die verband tussen die syfer en posisie kan sien. Sonder dat die leerder gekonfronteer word met teoretiese grammatikale reëls, word die spelling van getalle met koppeltekens hier aangebied. In die toets word hierdie spellingreël aangemoedig.

¹⁷ Sien Figuur 13

¹⁸ Sien Figuur 14



Figuur 14 : Ordening

Op vlak twee word 'n wiskunde klaskamerkonteks gegee waarbinne getalle, meetkundige¹⁹ vorms en algemene vrae en opmerkings in klaskamerverband aangebied. Die opmerkings of vrae wat deur die leerders gestel word, verskyn bo-aan die skerm met gepaardgaande uitspraak(klank).



Figuur 15 : Wiskunde Klaskamer

¹⁹ Sien Figuur 15

4.5.8 Kos en Klere

Basiese voedselsoorte en behoeftes²⁰ waarmee leerders maklik vereenselwig, word in hierdie konteks uitgebeeld.

Leerders het toegang tot uitspraak en spelling van die woorde. Die Xhosa-vertaling tesame met die foto's verskaf verder semantiese ondersteuning. Die sosio-ekonomiese omstandighede van sommige leerders akkomodeer nie alle woorde of begrippe soos voorgestel in die rekenaarprogram nie. Blootstelling aan hierdie woorde skep geleenthede vir taalaanleer.



Figuur 16 : Basiese Behoeftes

Die leerders verskaf die sinne waarbinne hierdie woorde betekenis kry. Die gepaardgaande foto's stel die konteks visueel voor om sodoende die betekenis van die sinne toe te lig. Die klaskamer-effek word in hierdie skerm anders gestruktureer. Aan die linkerkant van die swartbord verskyn die woorde, aan die regterkant van die swartbord is 'n wit skerm waarbinne die fotos(konteks) uitgebeeld word en bo-aan die foto's verskyn die sinskonstruksies. Die leerders het dus heeltyd 'n globale waarneming oor taalonderrig (instruksies) in die klas.

²⁰ Sien Figuur 16

4.5.9 Fisiese geboue

Hierdie eenheid fokus op die beskrywing van die fisiese infrastruktuur²¹ van die skool. Die woordeskat word met prente ondersteun. Leerders vra toestemming om die klas te verlaat. Verwysing na fisiese strukture word beter begryp as die leerders die name ken. Die meeste woorde op die swartbord verwys na die fisiese struktuur in die skoolarena; name van geboue en voorwerpe wat elke dag gebruik en gehoor word.



Figuur 17 : Geboue en Voorwerpe

Die strekking van sekere sinskonstruksies kan 'n heel ander betekenis oordra bv. om kamer te verlaat, bedoelende om die badkamer of toilet te besoek. Die rekenaarprogram poog om die leerder bloot te stel aan hierdie dimensie (dubbelsinnigheid) van die taal.

4.5.10 Besitlike en Persoonlike Voornaamwoorde

Besitlike en persoonlik voornaamwoorde²² het 'n hoë frekwensie gebruik. Die rekenaarprogram wys op die onderskeid tussen voornaamwoorde op grond van geslag, individu en groep. Die gebruik van ek, my en ons binne direkte sinsverband word in sinne gegee. Hy en sy tref die onderskeid tussen geslag. Jy, hulle, julle, sy en hy word in indirekte sinsverband gewys. Die aanspreekvorm van "U" wys 'n kulturele waarde wat met respek gepaardgaan. Besitlike voornaamwoorde soos myne, syne, ons s'n, ens. word binne die korrekte sinsverband onderskei.

²¹ Sien Figuur 17

²² Sien Figuur 18



Figure 18 : Besitlike Voornaamwoorde

Die potspel skep 'n konteks waarbinne hierdie voornaamwoorde betekenisvol gespeel kan word. Die potspel komplementeer die dinamiese eienskap van taalaanleer. Daar moet op die flikkerende balletjie gekliek word. Die verplasing van elke kleurballetjie na 'n gat, eindig in 'n betekenisvolle sin wat bo-aan die bord verskyn. Die betekenis van hierdie sin word ondersteun deur foto's. Die betrokke voornaamwoorde in die sin word belig op die bord, enersyds om die woorde te wys en andersyds om die kombinasie waarin voornaamwoorde gebruik kan word. Die gebruike van voornaamwoorde in die regte sinsverband word ook deur die rekenaarprogram in hierdie en ander skermes aangespreek. Die potspel het geen tydsbeperking nie en kan dus volgens behoefte herhaal word tot bemeestering van taalvaardighede en vaslegging van taalkennis.

4.5.11 Betreklige Voornaamwoorde

Betreklige voornaamwoorde²³ soos wie, wat, watter, hoekom, waarop, waarom ens. het ook hoë frekwente gebruik. Die woorde op die swartbord word m.b.v. klank aangebied. Hoe meer blootstelling aan taalgebruike hoe meer die ervaring aan herkenning van klank met hul betekenis. Die aanwesigheid van veral bottels stel voorwerpe voor wat ook met voornaamwoorde binne 'n bepaalde sin vervang kan word bv. Dit is twee bottels wat daar staan. Die stoel, tafel en bottels is skakels na die spelling van die genoemde voorwerpe.

²³ Sien Figuur 19



Figuur 19 : Betreklieke Voornaamwoorde

4.5.12 Weer en Klimaat

Die weer en klimaat²⁴ het 'n groot invloed op die geestesingesteldheid en woontoestande van die Xhosa-leerders. Weer en klimaat is deel van ons leefwyse. Kommunikasie oor weer en klimaat noodsaak die aanleer van die relevante woorde en betekenis. Seisoene word as versamelnaam gebruik en die leerder sal deur “*negotiation of meaning*”, die betekenis van versamelnaamwoorde agterkom (Levy, 1997). Leerders gebruik hulle eie leerstrategieë om hierdie ontdekkings te maak.



Figuur 20 : weer en Klimaat

²⁴ Sien Figuur 20

Die bord word in drie verdeel. Die linkerkant van die bord wys die name van die seisoene en temperatuurbeskrywings. Die regterkant van die bord wys neerslagtipies.

4.5.13 Aksiewoorde en Bevelsinne

Aksiewoorde dui op 'n sekere handeling²⁵. Hierdie woorde het ook 'n hoë frekwente gebruik. Op vlak een word die aksiewoorde met prente of foto's toegelig. Op vlak twee word bevelsinne met die aksiewoorde gegee. Oudiovisuele materiaal word gebruik om hierdie bevelsinne met die leerders te kommunikeer.




Figuur 21 : Aksiewoorde

4.5.14 Meervoude en Verkleinwoorde

In die rekenaarprogram word die enkelvoud en meervoud²⁶ langs mekaar aangebied. Die verkleining word ook so uitgebeeld. Die tipe instruksie is eksplisiete leer. Die leerders word blootgestel aan die vorm en klank van woorde.(Coady,1997) Die leerders sal die verskil waarneem. Die verskil in klanke word gehoor en verder ondersteun met gekrewe teks en foto's. Die gepaargaande foto's bied 'n konteks waarbinne die betekenis oorgedra word. Elke woord wat gelees word, verkleur geel om posisie binne die skerm aan te dui.

²⁵ Sien Figuur 21

²⁶ Sien Figuur 22



Figuur 22 : Enkelvoud en Meervoud

Die woorde word ook binne sinne aangebied. Die gebruik van foto's dui die verskil tussen enkelvoud, meervoud en verkleining aan bv. stoel wys een stoel, stoele wys meer as een stoel en stoeltjie wys 'n kleiner stoel. Die leerders gebruik hul eie prosesse om die betekenis te vertolk; dit dui op implisiete leer (Coady, 1977).

4.5.15 Liggaam

Leerders moet vertrouwd wees met die name van hul liggaamsdele²⁷ en hoe hulle dit gebruik in die nuwe taal. Die name van liggaamsdele wat baie gebruik word, is hier voorgestel.




Figuur 23 : Liggaam

Die betrokke woorde in gebruik word ook geaksentueer met ondersteunende foto's en Xhosa-vertaling. Die feit dat die betrokke woord uitgelig word, verhoed dat leerders in die skerm kan verdwaal. Hulle weet dus presies waar hulle is.

²⁷ Sien Figuur 23

4.5.16 Sport

Binne hierdie sportkonteks²⁸ word sportkodes aangespreek wat binne en buite skoolverband deur die leerders beoefen word. Die name en uitspraak word gegee. Soos by ander skerms word die betrokke sportnaam ook beklemtoon met 'n ander kleur. Die foto's wat saam met die woord verskyn, verduidelik die semantiese waarde van die woord. Aksiefoto's met gepaardgaande beskrywende dialoog word met klank aan leerder gedemonstreer.



Figuur 24 : Sport

Die potspel het dieselfde funksie soos by besitlike en persoonlike voornaamwoorde. Elke bal wat verplaas word, skep 'n sin wat Afrikaans in 'n sportkonteks wys. Leerders hou hul gewoonlik besig met dit wat hulle die meeste geniet. Om te speel is 'n keuse wat deur baie tieners gemaak word eerder as om niks te doen nie. As dit waarmee jy besig is, plesier verskaf, sal motiveringsvlakke verhoog word. Die sukses van enige taalaanleerprogram hang af van die motivering by leerders om taal suksesvol aan te leer. Dit kan slegs realiseer as die leerders dit geniet.

4.5.17 Dialoog en Videos

Die beste hulpbron om te gebruik by die aanleer van 'n nuwe taal, is 'n moedertaalspreker (Thompson, 1993). In die rekenaarprogram is enkele videos waar moedertaalsprekers gehoor kan word. Daar is ook videos sonder taalgebruik om handeling met die gepaardgaande teks te wys. Alledaagse sinskonstruksies word in hierdie stories en videos uitgebeeld. Die dialoog word binne die kommunikatiewe

²⁸ Sien Figuur 24

benadering geskep. Elke foto²⁹ het 'n boodskap(teks). As die leerder op die teks klik hoor hulle die boodskap. Die opeenvolging van hierdie fotos gaan oor betekenisvolle kommunikasie. Binne hierdie storiekontekste is voorafkennis van woorde en hul betekenis essensieel. Hierdie voorafkennis word grotendeels op vlak een in die program gedek.

Oorvertellings is kommunikasie gebaseer op reeds bestaande boodskappe of scenario's. Hierdie vaardigheid van oorvertelling word deur toetse aan die einde van sommige fotostories geëvalueer. Die leerder word deur sinskonstruksies in die vorm van klank gekonfronteer, waarna die fisiese sinskonstruksies ingetik(skryfvaardigheid) moet word.

Die luistervaardigheid word hierdeur ook aangespreek en getoets.

Die gebruik van verskillende stemme gee groter diversiteit en realiteit aan die stories.

Die program stel die leerder bloot aan verskillende stemme wat woorde verskillend uitspreek. Die leerders se luistervaardigheid moet hulle in staat stel om die basiese klanke van die woorde te herken en gevolglik betekenisvol vertolk. Gesigsuitdrukings en liggaamstaal speel 'n invloedryke rol in kommunikasie. Die foto's wys liggaamstaal, gesigsuitdrukings en veronderstelde aksies waarbinne kort sinne aan die leerder oorgedra word.



Figuur 25 : Dialoog

Die belangrikheid van leestekens soos die punt en vraagteken word in die toetse by die leerder versterk. Sinskonstruksies wat tyd aandui word binne hierdie kontekste op vlak

²⁹ Sien Figuur 25

twee gebruik. Leerders word bekend gestel aan taalgebruik vir die teenwoordige, verlede en toekomstige tyd. Indirekte en direkte rede word gegee en leerders leer deur hul eie strategieë hoe om hierdie taalkomponent te gebruik.

4.5.18 Vraagsinne

Die rekenaarprogram bied vraagsinne en stelsinne aan³⁰. As jy op koppies van leerders of vierkante kliek sal die vraagsin verskyn en daarna die reaksie, elk gerugsteun met visuele materiaal. Die woord “klik” verskyn onder die blokkies om te verseker dat leerders hierop sal klik. 'n Verskeidenheid van vraagsinne word geleer. Die gebruik van die vraagteken is by elke vraagsin teenwoordig. Die taalreël word implisiet onderrig.

Gepaardgaande stemtone word by die vraagsinne gehoor. Hierdie stemtone by die vraagsin en stelsin verskil. Die stembuiging help met onderskeid tussen vraag- en stelsin. Die sinstrukture word duidelik onderskei op die skerm. Die opeenvolging van woorde in die vraagsin teenoor die stelsin word visueel voorgestel.



Figuur 26 : Vraagsinne

³⁰ Sien Figuur 26

Samevatting

Die rekenaarprogram fokus op die ontwikkeling van die taalvaardighede in Afrikaans van Xhosa-leerders by Weston Hoërskool. Die ontwikkeling van hul kommunikatiewe vaardighede in Afrikaans word binne die kommunikatiewe benadering geplaas.

Verskillende leerstyle, -strategieë en voorafkennis in Afrikaans, is faktore wat 'n invloed op die struktuur van die rekenaarprogram het.

Die sukses van taalaanleer by elke leerder hang af van die individuele prosessering van die inligting by elke eenheid aangebied. Die vertolking van betekenis en die toepassing daarvan sal die leerders se taalverwerwing aanhelp.

Die verskillende benaderings in leerprosesse speel 'n belangrike rol in die ontwerp en ontwikkeling van die rekenaarprogram. Leerders is in beheer van hul eie leerprosesse en bepaal hul eie leertempo. Implisiete en eksplisiete leer is in die rekenaarprogram ingebou om mekaar aan te vul. Die leerders sal deur eksplisiete leer meer vertrou raak met woordeskat, spelling en punktuasie. Dit is belangrik dat die skryfvaardighede ontwikkel want dit word in die normale klaskameropset benodig. Alhoewel die fokus van die rekenaarprogram meer op kommunikasie gemik is, word die geskrewe taal nie geignoreer nie. Die geskrewe teks is onlosmaaklik deel van die kommunikasieproses.

Die rekenaarprogram word as 'n hulpmiddel aangewend om die taalbehoefte in Afrikaans by Xhosa-leerders aan te spreek. Dit kan in die toekoms as ondersteuningsbron gebruik word.

BIBLIOGRAFIE

1. Being bilingual 'protects brain'. 2004. *BBC News*, 15 Junie [Intyds]. Beskikbaar: <http://news.bbc.co.uk/2/hi/health/3794479.stm>. [30 Oktober 2006].
2. Bencze, J. 2005. *Constructivism* [Intyds]. Beskikbaar <http://leo.oise.utoronto.ca/~lbencze/Constructivism.html> [30 Oktober 2006].
3. Benjamin, A. 2006. *Grondslag Geletterdheidsprogramme* [Intyds]. Beskikbaar: <http://curriculum.wcape.school.za/site/38/pol/view/> [20 Julie 2006]
4. Bhattacharya, K. & Han, S. 2001. Piaget and cognitive development. In Orey, M. (red.). *Emerging perspectives on learning, teaching, and technology* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.coe.uga.edu/epltt/Piaget.htm>. [30 Oktober 2006].
5. Bloom, G. 1996. *Caveat Emptor Buyer Beware (Technohype)* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.realworld.org/articles/Caveat_Empt.html. [30 Oktober 2006].
6. Bonner, J. 1988. Implications of Cognitive Theory for Instructional Design. *Educational Communication and Technology Journal*, 36(1):3-14.
7. Brown, H.D. 1994. *Principles of Language Teaching and Learning* (2de uitgawe). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall Regents.
8. Cannella, G.S. & Reiff, J.C. 1994. Individual constructivist teacher education: Teachers as empowered learners. *Teacher Education Quarterly*, 21(3): 27-38.
9. Chomsky, N 1979. *Language and Responsibility*. Hassocks, Sussex: Harvester.
10. Coady, J. 1997. L2 vocabulary acquisition through extensive reading. In Coady, J. and Huckin, T., (reds.). *Second language vocabulary acquisition: A rationale for pedagogy*. Cambridge, Engeland: Cambridge University Press. 225-237
11. Dunn, R. & Dunn, K. 1978. *Teaching students through their individual learning styles*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

12. Fenrich, P. 1997. *Practical Guidelines for Creating Instructional Multimedia Applications*. Fort Worth: Dryden.
13. Forehand, M. 2005. Bloom's taxonomy: Original and revised. In Orey, M. (red.). *Emerging perspectives on learning, teaching, and technology* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.coe.uga.edu/epltt/bloom.htm>. [10 Oktober 2006].
14. Groot, P. 2000. Computer Assisted Second Language Vocabulary Acquisition. *Leanguage Learning & Technology*. Vol.4 No.1 May 2000. [Intyds]. Beskikbaar: <http://ilt.msu.edu/vol14num1/groot/default.html> [23 Mei 2006]
15. Hubbard, P. 2006. *An Invitation to CALL: Foundations of Computer Assisted Language Learning* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.stanford.edu/~efs/callcourse/>. [25 Julie 2006].
16. Huitt, W. 2006. The cognitive system. *Educational Psychology Interactive*. Valdosta, GA: Valdosta State University[Intyds]. Beskikbaar: <http://chiron.valdosta.edu/whuitt/col/cogsys/cogsys.html>. [12 Julie 2006].
17. Johnston, C. & Orwig, C.1999. *Your learning style and language learning* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.sil.org/lingualinks/LANGUAGELEARNING/OtherResources/YorLrnngStylAndLnggLrnng/YorLrnngStylAndLnggLrnng.htm> [30 Julie 2006].
18. Jones, J. 2001 *CALL and the Teacher's role in Promoting Learner Autonomy* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.clec.ritsumei.ac.jp/english/callejonline/6-1/jones.html> [12Junie 2006]
19. Kim, B. 2001. Social constructivism. In Orey, M. (red.). *Emerging perspectives on learning, teaching, and technology* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.coe.uga.edu/epltt/SocialConstructivism.htm>. [30 Oktober 2006].
20. Krashen, S. 1985. *The input hypothesis*. Londen: Longman.

21. Kussler, R. and Van der Merwe, A. 1998. What is good hypertext? *Journal for Language Teaching* 32(4):323-331.
22. Levy, M. 1997. *Computer-Assisted Language Learning: Context and Conceptualization*. Oxford: Oxford University Press.
23. McGuire, M. et al. 1997. *The Internet handbook for writers, researchers and journalists*. New York: Guilford Press..
24. Menyuk, P. 1977. *Language and Maturation*. Cambridge, M.A.: MIT Press.
25. Mompean, J.A. 2005. Taking advantage of Phonetic Symbols in the Foreign Language Classroom [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.phon.ucl.ac.uk/home/johnm/ptlc2005/pdf/ptlcp28.pdf>. [15 April 2006].
26. Orey, M. (red.) 2001. *Emerging perspectives on learning, teaching and technology* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.coe.uga.edu/epltt/index.htm>. [10 Junie 2006].
27. Orwig C.J : *Learning Language Principles*: [Intyds]. Beskikbaar
<http://www.sil.org/lingualinks/LANGUAGELEARNING/LanguageLearningPrinciples> [2 September 2006]
28. Peckham, R. [S.a]. *Foreign Languages: An Essential Core Experience* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.utm.edu/departments/french/flsat.html>. [27 Julie 2006]
29. Plass J. : Design and Evaluation of the user interface of foreign language multimedia software: A Cognitive approach [Intyds]. Beskikbaar:
<http://lt.msu.edu/vol2num1/article2/>. [20 Augustus 2006]
30. Richards, J. and Rodgers, T. 1986. *Approaches and methods in language teaching: A description and analysis*. Cambridge: Cambridge University Press.
31. Rose, H. 1994. *Interactivity in Computer-based Foreign Language Instruction* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.imprintit.com/Publications/HRPubs/FH-hr-94-01.rtf>. [30 Mei 2006].

32. Shea, R. 2001. *Computer Literacy and Educational Computing: Perspectives and Practices* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.serve.com/shea/shack.htm>. [30 Mei 2006].

33. Shneiderman, B. 1987. *Designing the User Interface: Strategies for Effective Human-Computer Interaction*. Reading, Mass.: Addison-Wesley.

34. Standridge, M. 2002. Behaviorism. In Orey, M. (red.). *Emerging perspectives on learning, teaching, and technology* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.coe.uga.edu/epltt/Behaviorism.htm>. [30 Julie 2006].

35. Stoll, C. 1999. *High-Tech Heretic: Why computers don't belong in the classroom and other reflections by a Computer Contrarian*. New York: Doubleday.

36. Swanepoel, J.D. 1990. *Taaldinamika as metode om taalvaardighede te verbeter*. Kaapstad: Juta.

37. Thirteen Ed Online. 2004. *Concept to classroom: Cooperative and Collaborative Learning*[Intyds]. Beskikbaar: <http://www.thirteen.org/edonline/concept2class/coopcollab/index.html>. [30 Julie 2006].

38. Thomson, G. 1993a. *Kickstarting your language learning: Becoming a basic speaker through fun and games inside a secure nest* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.sil.org/lingualinks/LANGUAGELEARNING/EssaysOnFieldLanguageLearning/KickStrtngYrLnggLrnng/contents.htm>. [15 Augustus 2006].

39. Thomson, G. 1993. 1993b. *Language learning in the real world for non-beginners* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.sil.org/lingualinks/LANGUAGELEARNING/EssaysOnFieldLanguageLearning/LanggLrnngInThRIWrldFrNnBgnnrs/contents.htm>. [15 Augustus 2006].

40. Thomson, A., Thomson, A., Thomson, C. & Thomson, G. 1999. A few simple ideas for new language learners: ... and old ones needing some new life [Intyds]. Beskikbaar:

<http://www.sil.org/lingualinks/LANGUAGELEARNING/EssaysOnFieldLanguageLearning/AFwSmpIldsFrNwLnggLrnrs/contents.htm>. [15 Augustus 2006].

41. UNC-CH Center for Teaching and Learning. 1997. *Teaching for Inclusion: Diversity in the College Classroom* [Intyds]. Beskikbaar:

<http://ctl.unc.edu/TeachforInclusion.pdf>. [2 Augustus 2006].

42. Warschauer, M. & Healey, D. 1998. Computers and Language Learning: An overview. *Language Teaching*, 31:57-71. Ook beskikbaar:

<http://www.gse.uci.edu/faculty/markw/overview.html> [30 Julie 2006].

43. Zhang, Z. [S.a.]. *CALL for Chinese – Issues and Practice* [Intyds]. Beskikbaar:

http://csulb.edu/~txie/learn_online/issues.htm. [20 September 2006].

BYLAE A

VRAAG <i>Die volgende vrae het betrekking op Afrikaans as Kommunikasie Taal</i>	% leerders		
	Ja	Som s	Nee
Kan leerder Afrikaans vlot praat	44	31	25
Kan leerders Afrikaans vlot lees	36	39	25
Is daar 'n vrees vir Afrikaans	17	42	41
Is daar 'n gevoel van ek kan nie Afrikaans aanleer nie	14	22	64
Is daar 'n behoefte om Afrikaans aan te leer	39	17	44
Voel leerder onbekwaam omdat hy/sy nie Afrikaans verstaan nie	22	22	56
Is dit moeilik om Afrikaanse woorde uit te spreek	19	25	56
Kan die leerder tot by tien tel in Afrikaans	78	8	14
Ken leerder die alfabet in Afrikaans	53	25	22
Ken leerder ander klanke in Afrikaans bv. Oo, ee, eu ens.	50	28	22
Weet leerder wat beteken eerste, tweede, derde ens.	72	11	17
Ken die leerder die name van maande van die jaar	78	3	19
Ken die leerder name van seisoene	67	6	27
Ken die leerder name van dae	81	19	0
Kan die leerder onderskei tussen oggend, middag en aand	83	8	9
Kan die leerder tyd gebruik en lees	69	17	14
Kan leerder groet op verskillende tye van die dag	81	11	8
Weet die leerder hoe om woorde soos waar, watter, wanneer ens te gebruik	75	14	11
Ken leerder Afrikaans gebruik om te sê hoe hy/sy voel	67	25	8
Weet die leerder hoe om te reageer op sekere aksie-woorde	42	44	14
Ken die leerder Afrikaanse name van sportsoorte	44	36	20
Neem die leerder deel aan enige sport op skool	42	11	47
Verstaan die leerder die Afrikaans wat in die sportsoort(e) gebruik word bv. posisie, rustyd, afskop, doel ens.	44	17	39
Ken leerder die Afrikaanse name van sy vakke of leerareas	75	8	17
Ken leerder die betekenis van sy vakke of leerareas	50	28	22
Kan die leerder onderskei tussen woorde wat manlike en vroulike vorme uitbeeld	56	31	13
Voel leerder gemaklik om in klasbespreking deel te neem	36	31	33
Weet die leerder hoe om haar/hom in die verlede tyd uit te druk	44	39	17
Ken die leerder die name van alle voorwerpe of plekke op die skool.	47	17	36
Ken die leerder Afrikaanse name wat kleure onderskei	56	22	22
Het die leerder basiese rekenaarvaardighede	22	22	66

BYLAE B

Houdings by Taalaanleer Vraelys

	VRAE	Stem sterk saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Verskil Sterk
1	Ek is 'n goeie taalleerder					
2	As ek wil slaag moet ek Afrikaans leer, maar verwag nie om dit te geniet nie.					
3	My vermoë om Afrikaans te leer is sterk					
4	Ek weet nie hoe om Afrikaans aan te leer nie.					
5	Ek sal enige taal kan aanleer as die tyd en omstandighede reg is.					
6	Ek bekommer my oor foute					
7	Ek is bang mense lag my uit as ek verkeerd praat					
8	Ek is 'n senuwrak as ek voor mense moet praat					
9	Ek praat nie maklik met mense nie					
10	Ek weier om Afrikaans te praat					
11	Dit is uit respek vir die mense van daardie land om hulle taal te leer					
12	Ek hou mense van ander lande ontmoet					
13	Om dieselfde taal te praat as die gemeenskap stel my in staat om mense te help					
14	Ek hou nie van my taal praat in 'n ander land nie.					
15	Die mense in die gemeenskap wil hê jy moet Afrikaans leer					
16	Ek gaan nie die mense beter leer ken as ek nie hul taal praat nie.					
17	Ek moet seker maak wat is reg en verkeerd om te doen					
18	Dit frustreer my as mense nie 'n duidelike antwoord kan gee nie					
19	As jou ja nie ja en nee nie nee is nie, is jy oneerlik					
20	Jy moet die kultuur verstaan om hul waardes te verstaan					
21	Ek wil aksente na-aap					
22	Ek kan mense na-aap					
23	Ek kan my nie in ander se skoene voorstel nie					
24	Sou ek nie die antwoord ken nie, gaan ek in elk geval iets skree					
25	Ek wil my idees op ander af forseer					
26	Ek wil seker maak wat ek wil sê voordat ek reageer					
27	Ek is 'n kansvatter					

BYLAE C

Gewigte gekoppel aan reaksie op vrae:

Stem baie saam	Stem saam	Stem nie saam, maar verskil ook nie	Verskil	Verskil baie
8	6	4	2	0

BYLAE D

Beskrywing van punte:

Interval	Beskrywing
48 - 64	Hoog
36 - 47	Bo gemiddeld
16 - 35	Gemiddeld
0 - 15	Laag

BYLAE E

Toekenning van gewig of punte:

Selfbeeld		Inhibisie		Risiko loop		Ondeurdringbare ego		Dubbelsinnigheid	
Vrae	Punt	Vrae	Punt	Vrae	Punt	Vrae	Punt	Vrae	Punt
1		2		5		1		4	
2		4		11		3		16	
3		6		12		5		17	
4		7		13		14		18	
5		8		21		15		19	
6		9		24		21		20	
10		10		25		22		26	
22		16		27		23		27	